3.9.2 *Fraying of covering.*—The ends of the coverings of conductors shall, if necessary, be wrapped or taped or otherwise treated to prevent fraying of the covering.

3.9.3 *Stranded conductors.*—The strands in the portions of stranded conductors held by terminals or connectors shall be so confined that there are not stray wires.

3.9.4 *Strain on conductors and terminals.*—Conductors shall be so supported and connected that mechanical strain on the conductors and their terminals is obviated.

3.9.5 *Joints in conductors.*—Conductors shall be so joined as to be mechanically and electrically secure. Joints, unless made with an acceptable mechanical connector, shall be soldered, brazed, or welded, and fluxes used shall not cause corrosion. Joints shall be covered with insulation at least equivalent to that on the conductor. The electrical insulation on a conductor shall not be stripped further than is necessary to make an effective joint.

3.10 SAFEGUARDING AGAINST MOVING PARTS

3.10.1 *Stability.*—An appliance intended to be used on a surface such as a floor or a table shall be stable.

3.10.2 *General mechanical hazards.*—Moving parts shall, so far as is compatible with the use of the appliance (see also 3.10.3), be so arranged or enclosed as to ensure, in normal use, that they are not exposed to contact with any part of the human body and that the operator is safeguarded from personal injury. When tested in accordance with 6.13.2, it shall not be possible to touch with the standard test finger moving parts that are capable of causing danger to the operator. Protective enclosures and guards shall be able to withstand a force of 25 N and, unless their removal is necessary during normal use of the appliance, they shall not be removable without the aid of a tool.

Self-resetting thermal cut-outs and overcurrent releases shall not be incorporated if their unexpected closure might cause danger.

Each appliance shall be provided with an interlock that disconnects the motor before any lid or door giving access to a rotating drum is opened more than 50 mm. The means for interlocking shall be so designed that inadvertent operation cannot occur while the lid or door is open*.

* Operation of the interock is required only to insure that the drive of the drum is disengaged. It is not necessary for the drum to have stopped rotating before the door opening exceeds 50 mm.

Indien die koordverankering volgens 6.11 getoets word—

(a) mag die koordverankering en die buigsame koord geen teken van beskadiging toon nie en mag die buigsame koord met hoogstens 2 mm oorlangs geskuif het;

(b) mag die geleiers nie waarneembaar in die aansluiters beweeg nie en mag daar geen teken van spanning by die verbindings wees nie; en

(c) mag kruipafstande en vry ruimtes nie tot onder die toepaslike waardes in 3.11 verminder word nie.

3.9 GELEIERS

3.9.1 *Stroomdravermoë.*—Elke geleier moet oor 'n stroomdravermoë beskik wat minstens gelyk is aan die stroomaanslag van die baan wat dit voer.

3.9.2 *Uitrafel van bedekking.*—Die ente van die geleierbedekkings moet, indien nodig, toegedraai of omgebind of op 'n ander wyse behandel wees om te voorkom dat die bedekking uitrafel.

3.9.3 *Stringgeleiers.*—Die stringe in die stringgeleierdele wat deur aansluiters of verbinders vasgehou word, moet op so 'n wyse saamgebind wees dat daar geen los drade is nie.

3.9.4 *Spanning op geleiers en aansluiters.*—Geleiers moet op so 'n wyse gesteun en verbind wees dat meganiese spanning op die geleiers en hul aansluiters voorkom word.

3.9.5 *Lasse in geleiers.*—Geleiers moet op so 'n wyse gelas word dat hulle meganies en elektries veilig is. Tensy die lasse met behulp van 'n aanneemlike meganiese verbinder gemaak word, moet hulle soldeer-, sweissoldeer- of sweislasse wees en mag die soldeervloeimiddels wat gebruik word nie korrosie veroorsaak nie. Lasse moet bedek wees met isolering wat minstens gelykwaardig is met dié om die geleier. Die elektriese isolering om 'n geleier mag nie verder verwyder word as wat nodig is om 'n doeltreffende las te maak nie.

3.10 VEILIGHEIDSMAATREËLS VIR BEWEGENDE DELE

3.10.1 *Stabiliteit.*—'n Toestel wat bedoel is om op 'n oppervlak soos 'n vloer of tafel gebruik te word, moet stabiel wees.

3.10.2 *Algemene meganiese gevare.*—Vir sover dit versoenbaar is met die gebruik van die toestel (kyk ook 3.10.3), moet bewegende dele so gerangskik en omhul wees dat daar verseker word dat hulle tydens normale gebruik nie blootgelê en deur enige deel van die liggaam aangeraak kan word nie en dat die bediener teen persoonlike besering beskerm is. Volgens 6.13.2 getoets, mag dit nie moontlik wees om bewegende dele wat vir die bediener gevaar kan veroorsaak, met die standaardtoetsvinger te raak nie. Beskermende omhulsels en skerms moet teen 'n krag van 25 N bestand wees en mag nie sonder gereedskap verwyder kan word nie, tensy dit tydens normale gebruik van die toestel nodig is om hulle te verwyder.

Selfterugstellende termiese uitskakelaars en oorstroomklinke mag nie aangebring word in gevalle waar hul onverwagte afsluiting gevaar kan veroorsaak nie.

Elke toestel moet voorsien wees van 'n grendel wat die motorverbinding verbreek voordat enige deksel of deur wat tot die draaitrommel toegang verleen, verder as 50 mm oopgemaak word. Die grendelmiddele moet so ontwerp wees dat inwerkstelling nie per abuis kan plaasvind terwyl die deksel of deur oop is nie*.

* Die grendelwerking is slegs nodig om seker te maak dat die aandrywing na die trommel gestaak word. Die trommel hoef nie reeds opgehou het met draai voor die deuropening 50 mm oorskry nie.

Inlets provided for the feeding of washing media into the appliance when it is closed shall be so designed that contact of any part of the human body with moving parts of the appliance is prevented.

3.10.3 *Safeguard of wringers.*—If an appliance is provided with a power-driven wringer of the roller type—

(a) the wringer shall be so designed that, except where a readily accessible safety release or equivalent means of protection is provided, the required pressure between the rollers has to be exerted and maintained by the operator;

(b) when tested in accordance with 6.10, the release mechanism shall operate before the force applied exceeds 70 N and without ejecting any part from the wringer, and shall allow the rollers to separate either by at least 45 mm at both ends or by at least 50 mm in the centre and 25 mm at one of the ends;

(c) the wringer shall be so designed that the fingers of the operator cannot be squeezed between either of the rollers and the frame;

(d) the wringer shall be controlled by a switch placed in an accessible position;

(e) if the appliance can be operated without the wringer in position, the operator shall be safeguarded against rotating parts when the wringer is removed;

(f) the operating means of the safety release shall be so positioned that it can be operated by a person standing in any working position relative to the wringer, even if the fingers of both hands are trapped between the rollers.

3.11 CREEPAGE DISTANCES, CLEARANCES AND DISTANCES THROUGH INSULATION.—Creepage distances, clearances and distance through insulation shall conform to the relevant values shown in Tables 3 and 4.

TABLE 3—CREEPAGE DISTANCES

1	2	3
Parts	Distance, mm, min.	
	At working voltage	
	130 V	250 V
(a) *Between live parts of different polarity:*		
(1) If protected from the deposition of dirt	1,0	2,0
(2) If not protected from the deposition of dirt	2,0	3,0
(b) *Between live parts and other metal parts:*		
(1) Over functional insulation protected from the deposition of dirt;		
(i) if of ceramic material, pure mica, and the like	1,0	2,0–2,5*
(ii) if of other material	1,5	3,0
(2) Over functional insulation not protected from the deposition of dirt	2,0	4,0
(3) Over reinforced insulation	8,0	8,0
(c) *Between metal parts separated by supplementary insulation*	4,0	4,0
(d) *Between live parts in recesses in the mounting face of the appliance and the surface to which it is fixed*	6,0	6,0
(e) *Between lacquered or enamelled windings and metal parts separated from live parts by:*		
(1) Functional insulation only	1,5	2,0
(2) Reinforced insulation	6,0	6,0

* The first value applies only if the parts are rigid and located by mouldings, or if the design is otherwise such that there is no possibility of a distance being reduced by distortion or movement of the parts. If this is not the case the second value applies.

Inlate wat voorsien is om die wasmiddels in die toestel in te voer wanneer dit toe is, moet so ontwerp wees dat aanraking van enige deel van die mens se liggaam met bewegende dele van die toestel verhoed word.

3.10.3 *Veiligheidsmaatreëls vir mangeldroërs.*—Indien 'n toestel voorsien is van 'n kragaangedrewe mangeldroër van die rollertipe—

(a) moet die mangeldroër so ontwerp wees dat, behalwe waar 'n maklik bereikbare veiligheidslosmeganisme of ekwivalente beskermingsmiddel voorsien is, die vereiste druk tussen die rollers deur die bediener opgelê en volgehou moet word;

(b) moet die losmeganisme, volgens 6.10 getoets, werk voor die aangewende krag 70 N oorskry en sonder om enige onderdeel uit die mangeldroër te slinger, en moet dit toelaat dat die rollers minstens 45 mm op albei ente, of minstens 50 mm in die middel en 25 mm aan die een ent, van mekaar af wegtrek;

(c) moet die mangeldroër so ontwerp wees dat die bediener se vingers nie tussen die rollers en die raamwerk vasgedruk kan word nie;

(d) moet die mangeldroër met 'n skakelaar beheer word wat op 'n toeganklike plek aangebring is;

(e) moet die bediener teen draaiende dele beskerm wees wanneer die mangeldroër verwyder is in gevalle waar die toestel kan werk sonder dat die mangeldroër in posisie is;

(f) moet die inwerkstelmeganisme van die veiligheidslosmeganisme so geplaas wees dat dit in werking gestel kan word deur 'n persoon wat in 'n werkposisie met betrekking tot die mangeldroër staan, selfs al is die vingers van albei hande tussen die rollers vasgeknyp.

3.11 KRUIPAFSTANDE, VRY RUIMTES EN AFSTANDE DEUR ISOLERING.—Kruipafstande, vry ruimtes en afstande deur isolering moet met die toepaslike waardes in tabel 3 en 4 ooreenstem.

TABEL 3—KRUIPAFSTANDE

1	2	3
Dele	Afstand, mm, min.	
	By 'n werkspanning van	
	130 V	250 V
(a) *Tussen lewendige dele met 'n verskil in polariteit:*		
(1) Indien teen vullisaanpakking beskerm	1,0	2,0
(2) Indien nie teen vullisaanpakking beskerm nie	2,0	3,0
(b) *Tussen lewendige dele en ander metaaldele:*		
(1) Oor funksionele isolering wat teen vullisaanpakking beskerm is:		
(i) indien dit van keramiekmateriaal, suiwer mika of soortgelyke materiaal is	1,0	2,0–2,5*
(ii) indien dit van ander materiaal is	1,5	3,0
(2) Oor funksionele isolering wat nie teen vullisaanpakking beskerm is nie	2,0	4,0
(3) Oor versterkte isolering	8,0	8,0
(c) *Tussen metaaldele wat deur aanvullende isolering geskei word*	4,0	4,0
(d) *Tussen lewendige dele in holtes in die monteervlak van die toestel en die oppervlak waarteen dit bevestig is*	6,0	6,0
(e) *Tussen verniste of geëmaljeerde wikkelings en metaaldele wat van lewendige dele geskei word deur:*		
(1) slegs funksionele isolering	1,5	2,0
(2) versterkte isolering	6,0	6,0

* Die eerste waarde geld slegs indien die dele vas is en deur vormstukke in posisie gehou word of indien die ontwerp andersins sodanig is dat daar geen moontlikheid is dat 'n afstand deur vervorming of beweging van die dele verminder kan word nie. Indien dit nie die geval is nie, geld die tweede waarde.

TABLE 4—CLEARANCE DISTANCES AND DISTANCES THROUGH INSULATION

1	2	3
Parts	Distance, mm, min. At working voltage	
	130 V	250 V
(a) *Clearance distance:*		
(1) *Between live parts of different polarity:*		
(i) If protected from deposition of dirt	1,0	2,0
(ii) If not protected from deposition of dirt	1,5	2,5
(2) *Between live parts and other metal parts separated by functional insulation:*		
(i) If protected from deposition of dirt	1,0	2,0–2,5*
(ii) If not protected from deposition of dirt	1,5	3,0
(iii) Over reinforced insulation	8,0	8,0
(3) *Between metal parts separated by supplementary insulation*	4,0	4,0
(4) *Between live parts in recesses in the mounting face of the appliance and the surface to which it is fixed*	6,0	6,0
(5) *Between lacquered or enamelled windings and metal parts separated from live parts by;*		
(i) functional insulation only	1,5	2,0
(ii) reinforced insulation	6,0	6,0
(b) *Distance through insulation between metal parts separated by;*		
(i) supplementary insulation	1,0	1,0
(ii) reinforced insulation	1,0	2,0

* The first value applies only if the parts are rigid and located by mouldings, or if the design is otherwise such that there is no possibility of a distance being reduced by distortion or movement of the parts. If this is not the case the second value applies.

3.12 INTERNAL WIRING

3.12.1 Wireways shall be smooth and free from sharp edges, burrs, flashes, and similar projections that can cause abrasion of the insulation of the wiring. Openings in sheet metal through which insulated wires pass shall be either provided with bushings of insulating material (see 3.6) or so shaped as to have a lip of radius and of depth at least 1,5 mm. Wiring shall be prevented from coming into contact with moving parts.

3.12.2 Internal wiring and electrical connections between different parts of the appliance shall be acceptably protected or enclosed.

3.12.3 Beads and other ceramic insulators on live wires shall be so fixed or supported that they cannot change position and do not rest on sharp edges or sharp corners. When used inside a flexible metal conduit they shall be contained within an insulating sleeve unless the conduit cannot move in normal use.

3.12.4 Internal wiring and heating conductors shall be either so rigid and so fixed or so insulated that, in normal use, creepage distances and clearances cannot be reduced below the relevant values specified in 3.11.

The insulation shall be such that it cannot be damaged in normal use. If the insulation on a conductor is not at least electrically equivalent to that of flexible cords complying with the relevant requirements of Schedule 4 of Government Notice R. 1615, dated 22 October 1965, as amended, the conductor is considered as a bare conductor.

3.12.5 Conductors identified by the colour combination green/yellow shall not be connected to terminals other then earthing terminals.

TABEL 4—VRY RUIMTES EN AFSTANDE DEUR ISOLERING

1	2	3
Dele	Afstand, mm, min. By 'n werkspanning van	
	130 V	250 V
(a) *Vry ruimte:*		
(1) *Tussen lewendige dele met 'n verskil in polariteit:*		
(i) Indien teen vullisaanpakking beskerm	1,0	2,0
(ii) Indien nie teen vullisaanpakking beskerm nie	1,5	2,5
(2) *Tussen lewendige dele en ander metaaldele wat deur funksionele isolering geskei word:*		
(i) Indien teen vullisaanpakking beskerm	1,0	2,0–2,5*
(ii) Indien nie teen vullisaanpakking beskerm nie	1,5	3,0
(iii) Oor versterkte isolering	8,0	8,0
(3) *Tussen metaaldele wat deur aanvullende isolering geskei word*	4,0	4,0
(4) *Tussen lewendige dele in holtes in die monteervlak van die toestel en die oppervlak waarteen dit bevestig is*	6,0	6,0
(5) *Tussen verniste of geëmaljeerde wikkelings en metaaldele wat van lewendige dele geskei word deur:*		
(i) slegs funksionele isolering	1,5	2,0
(ii) versterkte isolering	6,0	6,0
(b) *Afstand deur isolering tussen metaaldele wat geskei word deur:*		
(1) aanvullende isolering	1,0	1,0
(2) versterkte isolering	1,0	2,0

* Die eerste waarde geld slegs indien die dele vas is en deur vormstukke in posisie gehou word of indien die ontwerp andersins sodanig is dat daar geen moontlikheid is dat 'n afstand deur vervorming of beweging van die dele verminder kan word nie. Indien dit nie die geval is nie, geld die tweede waarde.

3.12 BINNEBEDRADING

3.12.1 Bedradingskanale moet glad en vry wees van skerp rande, brame, persbrame en soortgelyke uitsteeksels wat kan veroorsaak dat die isolering van die bedrading deurskuur. Plaatmetaalopenings waardeur geïsoleerde drade gaan, moet òf van deurvoerders van isoleermateriaal (kyk 3.6) voorsien wees òf so gevorm wees dat dit 'n lip met 'n radius en diepte van minstens 1,5 mm het. Daar moet verhoed word dat die bedrading aan bewegende dele raak.

3.12.2 Binnebedrading en elektriese verbindings tussen verskillende dele van die toestel moet op aanneemlike wyse beskerm of omhul wees.

3.12.3 Krale en ander keramiekisolators op lewendige drade moet op so 'n wyse bevestig of gesteun wees dat hul posisie nie kan verander nie en dat hulle nie op skerp rande of skerp hoeke rus nie. Wanneer hulle binne 'n buigsame metaalleipyp gebruik word, moet hulle binne 'n isoleerhuls wees, tensy die leipyp nie tydens normale gebruik kan beweeg nie.

3.12.4 Binnebedrading en verhittingsgeleiers moet òf so stewig en so bevestig òf so geïsoleer wees dat kruipafstande en vry ruimtes tydens normale gebruik nie tot onder die toepaslike waardes in 3.11 verminder kan word nie.

Die isolering moet sodanig wees dat dit nie tydens normale gebruik beskadig kan word nie. Indien die isolering op 'n geleier elektries nie minstens gelykstaande is met dié van buigsame koorde wat aan die toepaslike vereistes van bylae 4 van Goewermentskennisgewing R. 1615 van 22 Oktober 1965, soos gewysig, voldoen nie, word die geleier as 'n kaal geleier beskou.

3.12.5 Geleiers wat met die kleurkombinasie groen/geel gemerk is, mag slegs aan aardingsaansluiters verbind wees.

3.12.6 Aluminium wires shall not be used for internal wiring.

3.12.7 Insulated conductors that in normal use are subject to a temperature rise exceeding 50 °C shall have insulation of heat resisting material if compliance with the specification can be impaired by deterioration of the insulation.

3.12.8 In no circumstances shall any supply conductor be directly connected to the resistance wire forming part of a heating element.

3.13 EXTERNAL ELECTRICAL CONNECTIONS.—Each appliance shall be provided with two connecting terminals for the connection of current-carrying conductors and in the case of Class I appliances one terminal for the connection of the earth continuity conductor. Unless they are of a form that will prevent the conductor wires from spreading, the terminals shall be provided with special washers or other devices to prevent such spreading.

3.14 EARTHING.—Accessible metal parts of a Class I appliance that may become live in the event of an insulation fault, the inner water container, when relevant, and the metal sheath of any enclosed type heating unit shall be permanently and reliably electrically connected to an earthing terminal within the appliance, or to the earthing contact of the appliance inlet. Class II and Class III appliances shall have no provision for earthing.

The connector between an earthing terminal or earthing contact and parts required to be connected to the earthing terminal or earthing contact shall be of resistance not greater than that of the earth continuity conductor of the flexible cord.

The clamping device on the earthing terminal shall be locked against loosening and it shall not be possible to loosen it without the aid of a tool.

3.15 FLEXIBLE CORD

3.15.1 The flexible cord, measured from the point of entry to the appliance, shall be of length at least 3 m and in the case of a cord fitted to a Class I appliance, shall incorporate an earth continuity conductor. It shall be of the rubber-, PVC-, or polychloroprene-sheated type, or equivalent, and shall comply with the relevant requirements of Schedule 4 of Government Notice R. 1615, dated 22 October 1965, as amended, except that the length of lay may be 125 mm for appliances which are not to be moved. The conductors shall be of copper of cross-sectional area at least equal to that given in Column 2 of Table 5 appropriate to the maximum rated current of the appliance.

There shall be no joint or splice in the cord outside the enclosure of the appliance.

TABLE 5—FLEXIBLE CORDS

1	2
Rated current (I), A	Nominal cross-sectional area of conductors, mm², min.
I≤ 6	0,75
6< I≤10	1,0
10< I≤16	1,5
16< I≤25	2,5

3.15.2 A non-detachable flexible cord of a Class I appliance shall be provided with a green/yellow covered core connected to the internal earthing terminal of the appliance and intended to be connected to the earthing contact of the plug.

3.16 SWITCHES

3.16.1 Any manually operated switch mounted on an appliance shall comply with the requirements of Schedule I of Government Notice R. 1615, dated 22 October 1965,

3.12.6 Aluminiumdraad mag nie vir binnebedrading gebruik word nie.

3.12.7 Geïsoleerde geleiers wat tydens normale gebruik aan 'n temperatuurstyging bo 50 °C onderhewig is, moet met hittebestande materiaal geïsoleer wees indien agteruitgang van die isolering kan meebring dat daar nie meer aan die spesifikasie voldoen kan word nie.

3.12.8 'n Toevoergeleier mag onder geen omstandighede direk verbind wees aan die weerstanddraad wat deel van 'n verhittingselement uitmaak nie.

3.13 ELEKTRIESE BUITEVERBINDINGS. — Elke toestel moet voorsien wees van twee verbindingsaansluiters vir die verbinding van stroomdraende geleiers en, in die geval van klas I-toestelle, van een aansluiter vir die verbinding van die aardkontinuïteitsgeleier. Die aansluiters moet van spesiale wasters of ander inrigtings voorsien wees om te verhoed dat die geleierdrade sprei, tensy hulle van 'n tipe is wat sodanige spreiding verhoed.

3.14 AARDING.—Bereikbare metaaldele van 'n klas I-toestel wat lewendig kan word in die geval van 'n isolasiefout, die binnewaterhouer, indien toepaslik, en die metaalhuls van enige omhulde tipe verhittingseenheid moet op blywende en betroubare wyse elektriese verbind wees aan 'n aardingsaansluiter binne die toestel of aan die aardingskontak van die toestelinlaat. Klas II- en klas III-toestelle moet geen voorsiening vir aarding hê nie.

Die weerstand van die verbinder tussen 'n aardingsaansluiter of aardingskontak en dele wat aan die aardingsaansluiter of aardingskontak verbind moet word, mag nie groter wees as dié van die aardkontinuïteitsgeleier van die buigsame koord nie.

Die kleminrigting aan 'n aardingsaansluiter moet grendel om losraking te verhoed en dit mag nie moontlik wees om dit sonder gereedskap los te maak nie.

3.15 BUIGSAME KOORD

3.15.1 Die buigsame koord moet minstens 3 m lank wees van die ingangspunt van die toestel af gemeet en moet, in die geval van 'n koord aan 'n klas I-toestel, 'n aardkontinuïteitsgeleier insluit. Dit moet van die rubber-, PVC- of polichloropreenomhulde tipe of gelykwaardige tipe wees en moet aan die toepaslike vereistes van bylae 4 van Goewermentskennisgewing R. 1615 van 22 Oktober 1965, soos gewysig, voldoen, maar die slaglengte kan 125 mm wees in die geval van toestelle wat nie verskuif gaan word nie. Die geleiers moet van koper wees met 'n dwarsdeursneeoppervlakte wat minstens gelyk is aan dié wat in kolom 2 van tabel 5 vir die betrokke maksimum aanslagstroom van die toestel aangegee is.

Daar mag geen las of splitslas in die koord buite die toestelomhulsel wees nie.

TABEL 5—BUIGSAME KOORDE

1	2
Aanslagstroom (I), A	Nominale dwarsdeursneeoppervlakte van geleier, mm², min.
I≦16	0,75
6< I≦10	1,0
10< I≦16	1,5
16< I≦25	2,5

3.15.2 'n Nie-afhaalbare buigsame koord van 'n klas I-toestel moet voorsien wees van 'n geel/groen bedekte aar wat met die binneaardingsaansluiter van die toestel verbind is en wat bedoel is om aan die aardingskontak van die prop verbind te word.

3.16 SKAKELAARS

3.16.1 'n Handbediende skakelaar wat op 'n toestel gemonteer is, moet aan die vereistes van bylae 1 van Goewermentskennisgewing R. 1615 van 22 Oktober 1965,

as amended, and shall have current and voltage ratings at least equal to those of the circuit which it controls. Single-pole switches shall be connected to control the live or phase conductor of the circuit.

3.16.2 The actuating member of any manually operated switch shall be located in a position readily accessible from the working position of the operator.

3.16.3 An appliance shall not be fitted with—

(a) a switch in any flexible cable or cord;

(b) a switch of microgap construction or a similar device, except in an application such as a lid or door interlock, if there is risk of electric shock or personal injury should the contact fail to operate;

(c) a device that, in the event of a fault in the appliance, causes the interruption of the supply by applying a short circuit; or

(d) a thermal cut-out that can be reset by a soldering operation.

3.17 ELECTRIC MOTORS

3.17.1 An electric motor that forms an integral part of an appliance shall be securely attached to the appliance and shall be of such power as will allow normal use of the appliance.

3.17.2 Where a motor is associated with other electrical circuits in an appliance, the electrical connection to the appliance shall terminate on a terminal block from which the various circuits are independently wired. When over-current protective devices are used, they shall be connected to the phase or positive lead to the motor. When fuses are used, they shall be of the enclosed type.

3.17.3 Unless of the totally enclosed type, a motor shall be so mounted in an appliance that protection is given against the ingress of water that is equivalent to that of a totally enclosed motor, and it shall be fitted with drip-proof shields.

3.17.4 When tested in accordance with 6.9.2, the appliance shall function safely, overload protection devices, if any, shall not operated, and centrifugal and other automatic starting switches shall operate consistently and without chattering.

3.18 HEATING UNITS.—If it is fitted, a heating unit shall comply with the relevant electrical and physical requirements of Schedule 2 of Government Notice R. 1615, dated 22 October 1965, as amended. It shall be securely fastened to the appliance and shall be so enclosed in metal that water is prevented from entering or coming into contact with current-carrying parts such as heating elements and wiring terminals. When gaskets are used, they shall be of asbestos or other heat-resisting material. A heating unit shall not cause the temperature of the water in the appliance to exceed 95 °C.

3.19 INSTRUCTION SHEET OR MANUAL.—Each appliance shall be accompanied by an instruction sheet or manual in both official languages that gives information regarding installation, use, cleaning, and maintenance. The instruction sheet or manual shall include warnings against any hazard such as power-driven wringers and recommendations to the effect that the appliance or a device on the appliance, as relevant, should not be operated by children.

4. ELECTRICAL AND PHYSICAL REQUIREMENTS

4.1 INSULATION RESISTANCE.—When measured in accordance with 6.3.2, the insulation resistance shall comply with the relevant value given in Table 6.

soos gewysig, voldoen. Die stroom- en spanningsaanslag daarvan moet minstens gelyk wees aan dié van die baan wat daardeur beheer word. Enkelpoolskakelaars moet verbind wees om die lewendige of fasegeleier van die baan te beheer.

3.16.2 Die aktiveerdeel van 'n handbediende skakelaar moet op 'n plek wees wat maklik bereik kan word vanuit die werkposisie van die bediener.

3.16.3 'n Toestel mag nie van die volgende voorsien wees nie—

(a) 'n skakelaar in enige buigsame kabel of koord;

(b) 'n skakelaar met 'n mikrospleetkonstruksie of soortgelyke inrigting, behalwe waar sodanige skakelaar bv. vir deksel- of deurgrendels gebruik word, indien daar gevaar van elektriese skok of persoonlike besering bestaan indien die kontak nie in werking gestel word nie;

(c) 'n inrigting wat in fouttoestande in die toestel die toevoer onderbreek deur 'n kortsluiting; of

(d) 'n termiese uitskakelaar wat deur soldeerbewerking weer gestel kan word.

3.17 ELEKTRIESE MOTORE

3.17.1 'n Elektriese motor wat 'n integrerende deel van 'n toestel uitmaak, moet stewig aan die toestel bevestig wees en die vermoë daarvan moet voldoende vir die normale gebruik van die toestel wees.

3.17.2 Indien 'n motor by ander elektriese stroombane in 'n toestel ingesluit is, moet die elektriese verbinding met die toestel in 'n aansluitblok eindig en moet die verskillende stroombane afsonderlik daarvandaan bedraad word. Indien oorstroombeveiligingsinrigtings gebruik word, moet hulle aan die fase of positiewe leiding na die motor verbind wees. Indien sekerings gebruik word, moet hulle van die omhulde tipe wees.

3.17.3 Tensy 'n motor van die heeltemal omhulde tipe is, moet dit op so 'n wyse in 'n toestel gemonteer wees dat die beskerming wat teen waterindringing verleen word gelykstaande is met dié van 'n heeltemal omhulde motor en moet dit van drupbestande skerms voorsien wees.

3.17.4 Volgens 6.9.2 getoets, moet die toestel veilig werk, mag die oorlasbeveiligingsinrigtings, indien daar is nie werk nie en moet sentrifugale en ander outomatiese aansitskakelaars konsekwent werk sonder 'n geklapper.

3.18 VERHITTINGSEENHEDE.—'n Verhittingseenheid, indien dit aangebring is, moet aan die toepaslike elektriese en fisiese vereistes van bylae 2 van Goewermentskennisgewing R. 1615 van 22 Oktober 1965, soos gewysig, voldoen. Dit moet stewig aan die toestel bevestig wees en moet op, so 'n wyse in metaal omhul wees dat daar verhoed word dat water dit binnedring of dat die water met die stroomdraende dele, soos verhittingselemente en bedradingsaansluiters, in aanraking kom. Indien pakstukke gebruik word, moet hulle van asbes of ander hittebestande materiaal gemaak wees. 'n Verhittingseenheid mag nie veroorsaak dat die temperatuur van die water in die toestel 95 °C oorskry nie.

3.19 AANWYSINGSBLAD OF HANDLEIDING.—'n Aanwysingsblad of handleiding, in albei amptelike tale, met besonderhede oor installering, gebruik, skoonmaak en instandhouding moet elke toestel vergesel. In die aanwysingsblad of handleiding moet daar gewaarsku word teen die gevare verbonde aan die gebruik van bv. krag-aangedrewe mangeldroërs en moet daar ook aanbeveel word dat die toestel of 'n inrigting op die toestel, soos toepaslik, nie deur kinders bedien moet word nie.

4. ELEKTRIESE EN FISIESE VEREISTES

4.1 ISOLERINGWEERSTAND.—Volgens 6.3.2 gemeet, moet die isoleringweerstand met die toepaslike waarde in tabel 6 ooreenstem.

TABLE 6—INSULATION RESISTANCE

1	2
Insulation	Insulation resistance, MΩ, min.
(a) Between live parts and the body:	
(1) Functional insulation	2
(2) Reinforced insulation	7
(b) Between live parts and metal parts of Class II appliances that are separated by functional insulation only	2
(c) Between metal parts of Class II appliances, that are separated from live parts by functional insulation only, and the body	5

4.2 LEAKAGE CURRENT.—When measured in accordance with 6.3.3, the leakage current of appliances incorporating a heating element or heating elements shall conform to the relevant values given in Table 7.

TABEL 6—ISOLERINGWEERSTAND

1	2
Isolering	Isoleringweerstand, MΩ, min.
(a) Tussen lewendige dele en die romp:	
(1) Funksionele isolering	2
(2) Versterkte isolering	7
(b) Tussen lewendige dele en metaaldele van klas II-toestelle wat slegs deur funksionele isolering geskei word	2
(c) Tussen metaaldele van klas II-toestelle, wat slegs deur funksionele isolering van lewendige dele geskei word, en die romp	5

4.2 LEKSTROOM.—Volgens 6.3.3 gemeet, moet die lekstroom van toestelle met 'n verhittingselement of verhittingselemente met die toepaslike waardes in tabel 7 ooreenstem.

TABLE 7—LEAKAGE CURRENT

1	2	3
Appliance	Point of application of test voltage	Leakage current*, max.
Class III appliance	As specified in 6.3.3 (b) (1)	†0,5 mA
Portable, Class I appliance		†0,75 mA
Stationary Class I appliance having heating elements that are detachable or can be switched off separately		0,75 mA or 0,75 mA per kW rated input of each element or group of elements, whichever is the greater, with a maximum of 5 mA form the appliance as a whole.†
Other stationary Class I appliances		0,75 mA or 0,75 mA per kW rated input of the appliance whichever is the greater, with a maximum of 5 mA.†
Class II appliance		0,25 mA
Class II appliance	As specified in—	
	6.3. (b) (2) (i)	†5,0 mA
	6.3.3 (b) (2) (ii)	†3,5 mA

* These values shall be doubled if all control devices have an "OFF" position, each contact opening being of width at least 3 mm and the devices disconnecting all poles simultaneously.

† These values shall be doubled if the appliance has no control device other than a thermal cut-out, a thermostat without an "OFF" position, or an energy regulator without an "OFF" position.

TABEL 7—LEKSTROOM

1	2	3
Toestel	Punt waar toetspanning aangelê word	Lekstroom*, maks.
Klas III-toestel	Soos in 6.3.3 (b) (1) gespesifiseer	†0,5 mA
Verplaasbare klas I-toestel		†0,75 mA
Vaste klas I-toestel met verhittingselemente wat uitgehaal kan word of afsonderlik afgeskakel kan word		0,75 mA of 0,75 mA per kW aanslagingangvermoë van elke element of groep elemente, watter een ook al die grootste is, met 'n maksimum van 5 mA vir die toestel as geheel.†
Ander vaste klas I-toestelle		0,75 mA of 0,75 mA per kW aanslagingangvermoë van die toestel, watter een ook al die grootste is, met 'n maksimum van 5 mA.†
Klas II-toestel		0,25 mA
Klas II-toestel	Soos gespesifiseer in—	
	6.3.3 (b) (2) (i)	†5,0 mA
	6.3.3 (b) (2) (ii)	†3,5 mA

* Hierdie waardes moet verdubbel word indien alle beheerinrigtings 'n "AF"-posisie het, in welke geval elke kontakopening minstens 3 mm breed moet wees en die inrigtings alle pole gelyktydig moet diskonnekteer.

† Hierdie waardes moet verdubbel word indien die toestel 'n beheerinrigting het wat slegs 'n termiese uitskakelaar, 'n termostaat sonder 'n "AF"-posisie of 'n energiereëlaar sonder 'n "AF"-posisie is.

4.3 DIELECTRIC STRENGTH.—When tested in accordance with 6.4, the appliance shall withstand the test voltage without puncture of insulation or arcing-over.

4.4 EARTHING.—When measured in accordance with 6.5, the resistance between the earthing terminal and any accessible metal parts of an appliance shall not exceed 0,1Ω.

4.5 LOADING.—When measured in accordance with 6.6, the power input to the appliance shall not exceed 105 per cent of the rated value.

4.3 DEURSLAGSTERKTE. — Volgens 6.4 getoets, moet die toestel die toetspanning sonder deurslag van die isolering en sonder oorvonking weerstaan.

4.4 AARDING.—Volgens 6.5 gemeet, mag die weerstand tussen die aardingsaansluiter en 'n bereikbare metaaldeel van 'n toestel nie 0,1Ω oorskry nie.

4.5 BELASTING.—Volgens 6.6 gemeet, mag die kraginset na die toestel nie 105 persent van die aanslagwaarde oorskry nie.

4.6 TEMPERATURE RISE LIMITS OF COMPONENTS

4.6.1 When measured in accordance with 6.7, the temperature of surfaces intended or designed to be touched more than momentarily shall not, in normal use, exceed 55 °C if of metal, 65 °C if of vitrified ceramic material, or 75 °C if of other material.

4.6.2 Insulated conductors used in the windings of motors, transformers, coils, and similar components, when tested in accordance with 6.7, shall not attain temperatures exceeding the relevant values specified in Table 8. Where the insulation is made up of different materials, the temperature attained by each material shall not exceed the limit laid down for that material in Table 8.

TABLE 8—TEMPERATURE LIMITS FOR INSULATED CONDUCTORS USED IN WINDINGS OF MOTORS, ETC.

1	2
Type of insulating materials	Temperature, °C, max.
Cotton, silk, paper, and similar fibrous materials that are impregnated, and enamel when associated with such fibrous material	110
Enamelled wire not in association with fibrous material such as cotton, silk, and paper	130
Mica, porcelain, glass, quartz, and other similar materials, with synthetic resin impregnation or bonding	130
Mica, porcelain, glass, quartz, and other similar materials, with impregnating or bonding substances composed only of silicone compounds	170
Inorganic materials such as mica, porcelain, glass or quartz, without bonding or impregnation	Limited only by its effect on neighbouring parts

4.6.3 The insulation or covering on conductors for internal connections, when tested in accordance with 6.7, shall not attain temperatures exceeding the relevant values specified in Table 9.

TABLE 9—TEMPERATURE LIMITS FOR INSULATED CONDUCTORS FOR INTERNAL CONNECTIONS

1	2
Type of insulating material	Temperature, °C, max.
Rubber, ordinary	60
Thermoplastic substances	70
Rubber, heat resisting	75
Cotton	75
Asbestos in combination with thermoplastic cloth	110
Asbestos	125

4.7 NON-COMBUSTIBILITY OF PARTS SUBJECTED TO HIGH TEMPERATURES.—With the exception of parts composed of inorganic material such as glass, porcelain, quartz, or mica, without bonding or impregnation, any part liable to exposure in service to a temperature in excess of 170 °C shall when tested in accordance with 6.15, not burn or liberate flammable vapours in sufficient quantity to be ignited by the pilot flame. In addition, the material shall show no sign of deformation during the test and plastics and similar materials shall not flow.

4.8 FIRE RISK.—When an appliance fitted with an electric heating unit or heating units that will operate without water being present in the appliance is tested in accordance with 6.8, there shall be no charring or ignition

4.6 TEMPERATUURSTYGGRENSE VAN ONDERDELE.

4.6.1 Volgens 6.7 gemeet, mag die temperatuur van oppervlakke wat bedoel of ontwerp is om vir 'n kort ruk aangeraak te word, nie tydens normale gebruik 55 °C in die geval van metaal, 65 °C in die geval van verglaasde keramiekmateriaal of 75 °C in die geval van ander materiaal oorskry nie.

4.6.2 Volgens 6.7 getoets, mag geïsoleerde geleiers wat in die wikkelings van motore, transformators, spoele en soortgelyke onderdele gebruik word, nie temperature bereik wat die toepaslike waardes in tabel 8 oorskry nie. Indien die isolering uit verskillende soorte materiaal bestaan, mag die temperatuur wat elke soort bereik, nie die grens oorskry wat vir die betrokke soort materiaal in tabel 8 voorgeskryf is nie.

TABEL 8—TEMPERATUURGRENSE VIR GEÏSOLEERDE GELEIERS WAT IN WIKKELINGS VAN MOTORS, ENS. GEBRUIK WORD

1	2
Tipe isoleermateriaal	Temperatuur, °C, maks.
Katoen, sy, papier en soortgelyke veselmateriaal wat geïmpregneer is, en emalje wat saam met sodanige veselmateriaal gebruik word	110
Geëmaljeerde draad wat nie saam met veselmateriaal soos katoen, sy en papier gebruik word nie	130
Mika, porselein, glas, kwarts en ander soortgelyke materiaal, met kunshars geïmpregneer of met bindmiddels behandel	130
Mika, porselein, glas, kwarts en ander soortgelyke materiaal, met impregneer- of bindmiddels wat slegs uit silikoonmengsels bestaan	170
Anorganiese materiaal soos mika, porselein, glas of kwarts sonder bind- of impregneermiddels	Slegs beperk deur sy uitwerking op aangrensende dele

4.6.3 Volgens 6.7 getoets, mag die isolering of bekleding op geleiers vir binneverbindings nie temperature bereik wat die toepaslike waardes in tabel 9 oorskry nie.

TABEL 9—TEMPERATUURGRENSE VIR GEÏSOLEERDE GELEIERS VIR BINNEVERBINDINGS

1	2
Tipe isoleermateriaal	Temperatuur, °C, maks.
Rubber, gewone	60
Termoplastiese stowwe	70
Rubber, hittebestande	75
Katoen	75
Asbes saam met termoplastiese doekstof	110
Asbes	125

4.7 NIE-BRANDBAARHEID VAN DELE ONDERWERP AAN HOË TEMPERATURE.—Met die uitsondering van dele wat bestaan uit anorganiese materiaal soos glas, porselein, kwarts of mika, sonder bind- of impregneermiddels, mag geen deel wat tydens gebruik aan 'n temperatuur by 170 °C blootgestel kan word, volgens 6.15 getoets, brand of genoeg vlambare damp afgee sodat die toetsvlam dit aan die brand kan steek nie. Hierbenewens mag die materiaal geen teken van vervorming tydens die toets toon nie en mag plastiek en soortgelyke materiaal nie vloei nie.

4.8 BRANDGEVAAR.—Indien 'n toestel wat voorsien is van 'n elektriese verhittingseenheid of verhittingseenhede wat sal werk sonder dat daar water in die toestel is, volgens 6.8 getoets word, mag daar geen verbranding of

of any material used in the construction of the appliance, or of the cotton sheets placed in the washing container. There shall be no risk of deposition of lint on the heating element during normal use.

4.9 CURRENT-BREAKING CAPACITY OF SWITCHES AND OVERLOAD DEVICES.—When tested in accordance with 6.9.1, the switch and overload protection device controlling a motor shall withstand the test without mechanical or electrical failure of the switch or overload device or undue burning, pitting, or welding of the contacts.

4.10 RESISTANCE OF RUBBER TO ACCELERATED AGING. When tested in accordance with 6.12, rubber used as an insulating material shall show no visible sign of deterioration.

4.11 ABSORPTION RESISTANCE OF INSULATING MATERIALS

4.11.1 *Vitrified ceramic material.*—When tested in accordance with 6.14.1, vitrified ceramic material shall not absorb more than 2 per cent (m/m) of water.

4.11.2 *Other insulating material.*—When tested in accordance with 6.14.2, insulating material, other than vitrified ceramic material, that is required to be absorption resistant shall not absorb moisture in quantities sufficient to cause swelling, laminating, warping, or changing of the material such as to impair its ability to comply with the requirements of the specification.

5. MARKING

5.1 GENERAL.—Each appliance shall be legibly and durably marked in either of the official languages of the Republic of South Africa and in accordance with 5.2–5.8. The marking shall be directly on the appliance or part of the appliance or on a name-plate (see 5.7) securely attached to the appliance or part of the appliance or, in the cases of additional markings, on tags.

5.2 APPLIANCES

5.2.1 The following information shall appear on each appliance or on a name-plate in a place where it can be readily seen and, in the case of a built-in type, without moving the appliance after it has been installed:

(a) The rated voltage or voltages or rated voltage range;

(b) the symbol ~ or the frequency in hertz if the appliance includes any component that is suitable for use in alternating current circuits only, or the symbol ⎓ if the appliance includes any component that is suitable for use in direct current circuits only;

(c) the maximum load in watts or current in amperes at the marked voltage, provided that—

(1) if two voltages ratings appear, the greater load or current-rating shall be given, except that in cases where the higher voltage exceeds the lower by more than 10 per cent of the lower, the two corresponding load or current ratings shall appear, and

(2) in the case of an appliance where the load or current ratings of the motor(s) and heating element(s) are given separately the appliance shall be marked in addition with the maximum simultaneous electric load;

(d) unless indicated in the instruction sheet or manual, the maximum dry mass, in kilograms, of textile material for which the appliance is designed;

(e) when relevant, the maximum pressure, in kilopascals, of the water supply to which the appliance may be connected and, where applicable, the minimum water pressure required for proper operation of the appliance;

ontvlamming wees van enige materiaal wat vir die vervaardiging van die toestel gebruik is of van die katoenlakens wat in die washouer geplaas is nie. Daar mag geen gevaar wees dat vesels op die verhittingselement agtergelaat word tydens normale gebruik nie.

4.9 STROOMBREEKVERMOË VAN SKAKELAARS OORLASINRIGTINGS.—Volgens 6.9.1 getoets, moet die skakelaar en oorlasbeveiligingsinrigting wat 'n motor beheer die toets deurstaan sonder dat die skakelaar of oorlasinrigting meganies of elektries onklaar raak en sonder oormatige verbranding, invreting of saamsmelting van die kontakpunte.

4.10 BESTANDHEID VAN RUBBER TEEN SNELVERWERING. Volgens 6.12 getoets, mag rubber wat as isoleermateriaal gebruik word, geen sigbare teken van agteruitgang toon nie.

4.11 NIE-ABSORBERENDHEID VAN ISOLEERMATERIAAL

4.11.1 *Verglaasde keramiekmateriaal.*—Volgens 6.14.1 getoets, mag verglaasde keramiekmateriaal hoogstens 2 persent (m/m) aan water absorbeer.

4.11.2 *Ander isoleermateriaal.*—Volgens 6.14.2 getoets, mag isoleermateriaal, uitgesonderd verglaasde keramiekmateriaal, waarvan daar vereis word dat dit nie-absorberend moet wees, nie vog absorbeer in volumes wat groot genoeg is om sodanige uitswelling, lamellering, kromtrekking of verandering van die materiaal te veroorsaak dat daar afbreuk gedoen word aan die materiaal se vermoë om aan die vereistes van die spesifikasie te voldoen nie.

5. MERKE

5.1 ALGEMEEN.—Die besonderhede in 5.2–5.8 moet leesbaar en op duursame wyse in een van die amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika op elke toestel aangebring wees. Die besonderhede moet direk op die toestel of 'n deel van die toestel aangebring wees of op 'n plaatjie (kyk 5.7) wat stewig aan die toestel of 'n deel van die toestel bevestig is of, in die geval van bykomende merke, op 'n etiket.

5.2 TOESTELLE

5.2.1 Die volgende besonderhede moet aangebring wees op elke toestel of op 'n plaatjie op 'n plek waar dit maklik gesien kan word, sonder dat dit nodig is om die toestel te verskuif, in die geval van 'n ingeboude tipe, nadat dit geïnstalleer is:

(a) Die aanslagspanning(s) of die aanslagspanningbestek;

(b) die simbool ~ of die frekwensie in hertz indien die toestel 'n onderdeel het wat slegs vir gebruik in wisselstroombane geskik is, of die simbool ⎓ indien die toestel 'n onderdeel het wat slegs vir gebruik in gelykstroombane geskik is;

(c) die maksimum belasting in watt of die stroom in ampère by die aangegewe spanning met dien verstande dat—

(1) in die geval van twee spanningsaanslae, die hoogste belasting of stroomaanslag aangegee moet word behalwe dat, in gevalle waar die hoogste spanning 10 persent groter as die laagste is, die twee ooreenstemmende belastings of stroomaanslae aangegee moet word; en

(2) in die geval van 'n toestel waar die belasting of stroomaanslae van die motor(e) en verhittingselement(e) afsonderlik aangegee word, die maksimum gelyktydige elektriese belasting ook op die toestel aangegee moet word;

(d) tensy dit in die aanwysingsblad of handleiding aangegee word, die maksimum droë massa, in kilogram, tekstielmateriaal waarvoor die toestel ontwerp is;

(e) indien toepaslik, die maksimum druk, in kilopascal, van die watertoevoer waaraan die toestel verbind kan word en, indien toepaslik, die minimum waterdruk wat nodig is vir die behoorlike werking van die toestel;

(f) when relevant, the symbol indicating the degree of protection against moisture (see 5.2.5);

(g) when relevant, the symbol for Class II construction (see 5.2.5);

(h) in the cases of appliances intended for short-term operation or intermittent operation and when required for the proper operation of the appliance, the rated operating period or the rated operating period and the rated resting period, as relevant. In the case of intermittent operation, the marking for the rated operating period shall prescede that for the rated resting period, the markings being separated by an oblique stroke.

N.B.—Use according to these periods shall constitute normal use of the appliance as set out in the instruction sheet or manual.

5.2.2 The following information shall appear on each heating unit or on a name-plate attached to the unit:

(a) The rated voltage, or voltages, or rated voltage range of the unit;

(b) the rated input in watts or kilowatts if greater than 25 W;

(c) when relevant, the symbol for the degree of protection against moisture (see 5.2.5).

5.2.3 The following details shall appear on each motor in the appliance or on a name-plate attached to the motor:

(a) The details specified in 5.2.1 (a), (b) and (c);

(b) the supply frequency on a.c. motors;

(c) the motor speed at rated load in revolutions per minute.

5.2.4 If the appliance is capable of operating on different supply voltages, or at different rated inputs, the voltage or input to which the appliance is actually adjusted shall be indicated where it can be readily seen.

5.2.5 Where symbols are used they shall be as follows:

Volt	V
Ampere	A
Hertz	Hz
Watt	W
Kilowatt	kW
Microfarad	μF
Litre	*l*
Kilogram	kg
Hour	h
Minute	min
Second	s
Revolutions per minute	r/min
Alternating current	~
Three phase alternating current	3 ~
Direct current	⎓
Class II construction	
Drip-proof construction	
Splashproof construction	
Watertight construction	

The symbols for nature of supply shall be placed next to the marked voltage. The dimensions of the symbol for Class II construction shall be such that the length of a side of the outer square is about twice the lenth of a side of the inner square. The length of a side of the outer square shall be at least 5 mm.

The symbol for Class II construction shall be so placed that it is clearly part of the technical information and will not be confused with the manufacturer's name or trade mark.

(f) indien toepaslik, die simbool wat die mate van beskerming teen vogindringing aantoon (kyk 5.2.5);

(g) indien toepaslik, die simbool vir klas II-konstruksie (kyk 5.2.5);

(h) in die geval van toestelle wat bedoel is vir korttermynwerking of onderbroke werking en indien dig nodig is vir die behoorlike werking van die toestel, die aangeslane werktydperk of aangeslane werk- en aangeslane rustydperk, soos toepaslik. In die geval van onderbroke werking, moet die simbool vir die aangeslane werktydperk dié vir die aangeslane rystydperk voorafgaan en moet die simbole deur 'n skuins streep geskei word.

L.W.—Gebruik volgens hierdie tydperke word as normale gebruik van die toestel beskou, soos in die aanwysingsblad of handleiding uiteengesit.

5.2.2 Die volgende besonderhede moet aangebring wees op elke verhittingseenheid of op 'n plaatjie wat aan die eenheid bevestig is:

(a) Die aanslagspanning, of -spannings, of aanslagspanningbestek van die eenheid;

(b) die aanslagingangvermoë in watt of kilowatt indien dit 25 W oorskry;

(c) indien toepaslik, die simbool vir die mate van beskerming teen vogindringing (kyk 5.2.5).

5.2.3 Die volgende besonderhede moet aangebring wees op elke motor in die toestel of op 'n plaatjie wat aan die motor bevestig is:

(a) Die besonderhede in 5.2.1 (a), (b) en (c) gespesifiseer;

(b) die toevoerfrekwensie vir wisselstroommotore;

(c) die motorspoed by aanslagbelasting in omwentelings per minuut.

5.2.4 Indien die toestel teen verskillende toevoerspannings of verskillende aanslagingangvermoëns kan werk, moet die spanning of inset waarop die toestel werklik ingestel kan word, aangebring wees waar dit maklik sigbaar is.

5.2.5 Indien simbole gebruik word, moet hulle soos volg wees:

Volt	V
Ampère	A
Hertz	Hz
Watt	W
Kilowatt	kW
Mikrofarad	μF
Liter	*l*
Kilogram	kg
Uur	h
Minuut	min
Sekonde	s
Omwentelings per minuut	r/min
Wisselstroom	~
Driefasewisselstroom	3 ~
Gelykstroom	⎓
Klas II-konstruksie	
Drupdigte konstruksie	
Spatdigte konstruksie	
Waterdigte konstruksie	

Die simbole vir die aard van die toevoer moet langs die aangegewe spanning aangebring wees. Die afmetings van die simbool vir klas II-konstruksie moet sodanig wees dat die lengte van die sye van die buitevierkant ongeveer twee maal die lengte van die sye van die binnevierkant is. Die sye van die buitevierkant moet minstens 5 mm lank wees.

Die simbool vir klas II-konstruksie moet op so 'n wyse geplaas wees dat dit duidelik deel van die tegniese besonderhede uitmaak en nie met die fabrikant se naam of handelsmerk verwar kan word nie.

5.3 TERMINALS

5.3.1 A terminal intended exclusively for the neutral conductor shall be indicated with the letter N.

5.3.2 The earthing terminal shall be marked with the symbol placed close to it. This symbol shall not be placed on screws, removable washers, or other parts that can be removed when the conductors are being inserted.

5.4 WATER LEVEL—IN THE CASE OF A WASHING MACHINE.—Unless the appliance is provided with a water level controller, the washing tub shall be marked to show the maximum water level.

5.5 WRINGER.—Markings on or near the operating means of the safety release mechanism of a power-driven wringer shall indicate its purpose and method of operation.

5.6 DISCONNECTION WARNING.—If the design of the appliance is such as to allow for general cleaning or servicing, such as replacement of pilot lights or fuses, by the user, and if the cleaning or servicing requires the exposure of a normally enclosed or protected live part, the appliance shall carry a warning that such cleaning or servicing shall be done only while the appliance is disconnected from the power supply.

5.7 NAME-PLATES.—Name-plates shall remain legibly and durably marked under all normal conditions of use of the appliance. When tested in accordance with 6.17, adhesive name-plates shall comply with condition (a) or (b) in Table 10 and marking shall still remain legible.

TABLE 10—BONDS OF NAME-PLATES

1	2
Type of bond	Condition of bond
(a) Excellent bond.....	It is almost impossible to lift up a corner and remove a name-plate in one piece.
(b) Good bond.....	Corners and edges adhere firmly.
(c) Fair bond.....	Corners can be pried up, but nameplate will not come off easily.
(d) Poor bond.....	Corners can be pried up easily and name-plate can be removed with little effort.

5.8 ADDITIONAL MARKING.—Tags bearing any necessary instructions or information on safe and unsafe methods of connection, adjustment, or use shall be so attached to the appliance that they cannot be inadvertently detached.

6. METHODS OF TEST

6.1 GENERAL

6.1.1 It shall not be necessary to assess compliance with the requirements of the specification of any component that bears the SABS standardization mark.

6.1.2 *Conditions of testing*

(a) Conduct the tests on a single appliance, as delivered. Where additional components are required for testing, they shall be submitted together with the appliance.

(b) Do not connect the heating elements of an appliance provided with a program controller to a separate supply, but operate the appliance as a whole at the voltage specified for the relevant test.

(c) Operate the appliance at rated voltage to verify that it is in working order before testing is started.

5.3 AANSLUITERS

5.3.1 'n Aansluiter wat uitsluitlik vir die nulgeleier bedoel is, moet met die letter N aangedui wees.

5.3.2 Die aardingsaansluiter moet met die simbool daarnaas aangedui wees. Dié simbool mag nie aangebring wees op skroewe, verwyderbare wasters of ander dele wat verwyder kan word wanneer die geleiers ingesteek word nie.

5.4 WATERVLAK- IN DIE GEVAL VAN 'N WASMASJIEN.—Tensy die toestel voorsien is van 'n watervlakbeheerder, moet die maksimum watervlak in die wasbak aangedui word.

5.5 MANGELDROËR.—Aanwysings om die doel en werkmetode van die droër aan te dui, moet aangebring wees op of naby die inwerkstelmiddele van die veiligheidslosmeganisme van 'n kragaangedrewe mangeldroër.

5.6 AFSKAKEL VAN TOESTEL.—Indien die ontwerp van die toestel sodanig is dat die algemene skoonmaak of versiening daarvan, soos die vervanging van klikligte of sekerings, deur die gebruiker gedoen kan word en indien die skoonmaak of versiening meebring dat 'n omhulde of afgeskermde lewendige deel oopgemaak moet word, moet daar op die toestel aangedui word dat sodanige skoonmaak- of versieningswerk slegs gedoen mag word nadat die kragtoevoer na die toestel afgeskakel is.

5.7 PLAATJIES.—Die besonderhede op die plaatjies moet op duursame wyse aangebring wees sodat dit in alle normale gebruikstoestande van die toestel duidelik leesbaar bly. Volgens 6.17 getoets, moet kleefplaatjies aan voorwaarde (a) of (b) in tabel 10 voldoen en moet die besonderhede daarop nog duidelik leesbaar wees.

TABEL 10—VERBAND VAN PLAATJIES

1	2
Tipe verband	Toestand van verband
(a) Uitstekende verband	Dit is byna onmoontlik om 'n hoek op te lig en die plaatjie in een stuk af te trek.
(b) Goeie verband.....	Hoeke en rande kleef stewig vas.
(c) Redelike verband...	Hoeke kan opgelig word, maar die plaatjie kan nie maklik afgetrek word nie.
(d) Swak verband.....	Hoeke kan maklik opgelig word en plaatjies kan sonder veel gesukkel afgetrek word.

5.8 BYKOMENDE MERKE.—Etikette waarop noodsaaklike aanwysings of besonderhede oor veilige en onveilige metodes vir verbinding, instelling of gebruik aangegee word, moet op so 'n wyse aan die toestel bevestig wees dat hulle nie per abuis kan losraak nie.

6. TOETSMETODES

6.1 ALGEMEEN

6.1.1 Dit is onnodig om voldoening aan die vereistes van die spesifikasie te beoordeel in die geval van 'n onderdeel wat die SABS-standaardmerk dra.

6.1.2 *Toetstoestande*

(a) Voer die toetse op 'n enkele toestel soos afgelewer uit. Indien bykomende onderdele vir die toets nodig is, moet dit saam met die toestel aangebied word.

(b) Moenie die verhittingselemente van 'n toestel wat van 'n programbeheerder voorsien is, aan 'n afsonderlike toevoerbron verbind nie, maar laat die toestel as geheel werk teen die spanning wat vir die betrokke toets gespesifiseer word.

(c) Laat die toestel teen die aanslagspanning werk om te bevestig dat dit in 'n werkende toestand is voordat daar met die toetse begin word.

(d) Carry out the tests with the appliance or any movable part of it in the most unfavourable position that may occur in normal use.

(e) Carry out temperature rise tests at an ambient temperature of 25 °C.

(f) In the cases of appliances intended for use with a.c. supply only or d.c. supply only, use the appropriate type of supply at, when relevant, the rated frequency. In the cases of appliances designed for use at more than one rated voltage, or with either a.c. supply or d.c. supply, use the most unfavourable voltage and type of supply.

6.2 INSPECTION.—Inspect the appliance for compliance with all the relevant requirements of Section 3, 4 and 5, compliance with which is not assessed by the tests given in 6.3–6.18 inclusive.

6.3 INSULATION RESISTANCE AND LEAKAGE CURRENT

6.3.1 *Preparation of the appliance*

(a) Remove from the appliance all parts that can be removed without the aid of a tool, including electrical components, such as detachable heating elements, and covers.

(b) Leave cable entries, if any, open and, if knock-outs are provided, leave at least one knock-out open.

(c) Bring the temperature of the appliance to between T and T+4 °C, where T is any convenient temperature between 20 °C and 30 °C, then condition the appliance together with the parts removed, in a humidity cabinet containing air having a relative humidity of 93±2 per cent and a temperature within 1 °C of T.

(d) At the end of the conditioning period, reassemble the appliance and place it in a room in which the temperature of the air is between T and T+4 °C.

6.3.2 *Insulation resistance test.*—When relevant, disconnect the heating element(s) and measure the resistance of the insulation while a d.c. voltage of approximately 500 V is applied for 1 min at each of the appropriate places (see 4.1). Reconnect the heating element(s).

6.3.3 *Leakage current test.*—For the appliances having a heating element or heating elements—

(a) use the appropriate of the following test voltages—

D.C. in the case of appliances intended for use with D.C. only and A.C. in all other cases;

(1) In the cases of appliances intended for use with D.C. only, single-phase appliances, and three-phase appliances that are also suitable for single-phase supply if the rated voltage does not exceed 250 V, 1,06 times the rated voltage or 1,06 times the upper limit of the rated voltage range, as relevant;

(2) for all other appliances, 1,06 times the rated voltage or 1,06 times the upper limit of the rated voltage range, as relevant, divided by $\sqrt{3}$;

(b) apply the test voltage at the relevant of the following places:

(1) In all cases, as specified in (a) and (d) of Column 1 of Table 11. When metal foil is used it shall have a size not exceeding 200 mm×100 mm and be so moved that all parts of the surface are tested;

(2) in the case of a Class II appliance only, between any pole of the supply and metal parts separated from the live parts by functional insulation only, the classification according to the degree of protection against moisture being—

(i) ordinary;

(ii) other than ordinary e.g. drip-proof, splash-proof, or water-tight construction;

(d) Voer die toetse uit terwyl die toestel of 'n bewegende deel daarvan in die ongunstigste posisie is wat tydens normale gebruik kan voorkom.

(e) Voer die temperatuurstygtoetse by 'n omgewingstemperatuur van 25 °C uit.

(f) In die geval van toestelle wat bedoel is vir gebruik by òf slegs wisselstroom òf slegs gelykstroom, gebruik die toepaslike tipe toevoer by, indien toepaslik, die aanslagfrekwensie. In die geval van toestelle wat ontwerp is vir gebruik teen meer as een aanslagspanning of met òf wisselstroom òf gelykstroom, gebruik die ongunstigste spanning en tipe toevoer.

6.2 ONDERSOEK.—Ondersoek die toestel vir voldoening aan al die toepaslike vereistes van afdeling 3, 4 en 5 ten opsigte waarvan voldoening nie bepaal word volgens die toetse wat in 6.3 tot en met 6.18 aangegee word nie.

6.3 ISOLERINGWEERSTAND EN LEKSTROOM

6.3.1 *Gereedmaking van die toestel*

(a) Verwyder alle dele wat sonder gebruik van gereedskap verwyder kan word, van die toestel, met inbegrip van elektriese onderdele, soos verwyderbare verhittingselemente, en bedekkings.

(b) Laat kabelinlate, as daar is, oop en laat minstens een uitslagplaatjie oop indien uitslagplaatjies aangebring is.

(c) Bring die temperatuur van die toestel op tussen T en T+4 °C, waar T enige gerieflike temperatuur tussen 20 °C en 30 °C is, kondisioneer die toestel, saam met die dele wat verwyder is, dan in 'n humiditeitskabinet met lug met 'n relatiewe humiditeit van 93±2 persent by 'n temperatuur binne 1 °C van T.

(d) Sit die toestel weer inmekaar na afloop van die kondisioneertydperk, en plaas dit in 'n kamer waarin die lugtemperatuur tussen T en T+4 °C is.

6.3.2 *Isoleringweerstandtoets.* — Indien toepaslik, diskonnekteer die verhittingselement(e) en meet die weerstand van die isolering terwyl 'n gelykstroomspanning van ongeveer 500 V een minuut lank op die toepaslike plekke aangelê word (kyk 4.1). Verbind die verhittingselement(e) weer.

6.3.3 *Lekstroomtoets.*—Vir toestelle met 'n verhittingselement of verhittingselemente—

(a) gebruik die toepaslike van die volgende toetsspanningsgelykstroom in die geval van toestelle wat slegs vir gebruik met gelykstroom bedoel is en wisselstroom in alle ander gevalle:

(1) In die geval van toestelle wat slegs vir gebruik met gelykstroom bedoel is, enkelfasige toestelle en driefasige toestelle wat ook vir enkelfasige toevoer geskik is indien die aanslagspanning nie 250 V oorskry nie, 1,06 maal die aanslagspanning of 1,06 maal die bogrens van die aanslagspanningbestek, soos toepaslik;

(2) in die geval van alle ander toestelle, 1,06 maal die aanslagspanning of 1,06 maal die bogrens van die aanslagspanningbestek, soos toepaslik, gedeel deur $\sqrt{3}$;

(b) lê die toetspanning op die toepaslike van die volgende plekke aan:

(1) In alle gevalle, soos in (a) en (d) van kolom 1 van tabel 11 gespesifiseer. Indien bladmetaal gebruik word, mag dit hoogstens 200 mm×100 mm groot wees en moet dit op so 'n wyse rondbeweeg word dat alle dele van die oppervlak getoets word;

(2) slegs in die geval van 'n klas II-toestel, tussen enige pool van die toevoer en metaaldele wat slegs deur funksionele isolering van lewendige dele geskei word. Na gelang van die graad van beskerming teen vogindringing geld die volgende klassifikasie:

(i) gewoon;

(ii) nie gewoon nie, bv. drupdigte, spatdigte of waterdigte konstruksie.

(c) measure the leakage current during the application of the test voltage.

6.4 HIGH VOLTAGE TEST.—Immediately after the tests in 6.3, apply for 1 min at each of the relevant points given in Column 1 of Table 11, the voltage given in Column 2, 3 or 4, as appropriate, in substantially sine-wave form and having a frequency of 50 Hz.

If practicable test insulating linings separately.

TABLE 11—TEST VOLTAGES

1	2	3	4
Points of application of test voltage	Test voltage, V		
	Class III appli-ances	Class II appli-ances	Other appli-ances
(a) Between live parts and parts of the body separated from live parts by;			
functional insulation only.....	500	—	1 250
reinforced insulation.....	—	3 750	3 750
(b) Between live parts of different polarity*.....	500	1 250	1 250
(c) In the cases of parts that have double insulation, between metal parts separated from live parts by functional insulation only and;			
(1) live parts.....	—	1 250	1 250
(2) the body.....	—	2 500	2 500
(d) Between metal enclosures or covers having insulating material linings and metal foil in contact with the inner surface of the lining, if the distance between live parts and the metal enclosures or covers measured through the lining is less than the appropriate clearance spe- cified in 3.11.....	—	2 500	1 250
(e) Between metal foil in contact with handles, knobs, grips, and the like and their shafts, if these shafts can become live in the event of an insulation fault.....	—	2 500	2 500
(f) Between the body and either;			
(1) metal foil wrapped round the supply flexible cable or cord inside inlet bushings, cord guards, cord anchorages, and the like, or.....	—	2 500	1 250
(2) a metal rod of the same diameter as the flexible cable or cord inserted in its place.....	—	2 500	1 250
(g) Between the point where a winding and a capacitor are connected, if between this point and any terminal for external conductors the insulation is subjected under normal running conditions to a resonance voltage U, and;			
(1) the body.....	—	—	2U+ 1 000
(2) metal parts separated from live parts by functional insulation only†.....	—	2U+ 1 000	—

6.5 EARTHING TEST.—Pass between the earthing terminal or earthing contact of the appliance and each of accessible metal parts in turn a current of 25 A derived from an a.c. source having a no-load voltage not exceeding 12 V. Measure the voltge drop between the earthing terminal or earthing contact of the appliance and the accessible metal part and, from the current and voltage drop, calculate the resistance.

* This test is carried out only where the necessary disconnections can be made without damaging the appliance.

† In this test, short-circuit the capacitor and disconnect other parts. Do not carry out the test between the contacts of switches of micro-gap construction, thermostats, thermal cut-outs, and the like, or on the insulation of capacitors connected between live parts of different polarity.

(c) meet die lekstroom terwyl die toetsspanning aangelê word.

6.4 HOËSPANNINGSTOETS.—Lê onmiddellik na die toetse in 6.3 die spanning in kolom 2, 3 of 4, soos toepaslik, van tabel 11 een minuut lank aan in 'n wesenlik sinusgolfvorm by 'n frekwensie van 50 Hz op elk van die betrokke plekke in kolom 1 aangedui.

Indien dit prakties uitvoerbaar is, toets isoleervoerings afsonderlik.

TABEL 11—TOETSSPANNINGS

1	2	3	4
Plekke waar toetsspanning aangelê moet word	Toetsspanning, V		
	Klas III-toestelle	Klas II-toestelle	Ander toestelle
(a) Tussen lewendige dele en dele van die romp wat van lewendige dele geskei word deur;			
slegs funksionele isolering.....	500	—	1 250
versterkte isolering.....	—	3 750	3 750
(b) Tussen lewendige dele met 'n verskil in polatiteit*.....	500	1 250	1 250
(c) In die geval van dele met dubbel-isolering, tussen metaaldele wat van lewendige dele deur slegs funksio-nele isolering geskei word en;			
(1) lewendige dele.....	—	1 250	1 250
(2) die romp.....	—	2 500	2 500
(d) Tussen metaalomhulsels of bedek-kings wat met isoleermateriaal gevoer is en bladmetaal in kontak met die binne-oppervlak van die voering, indien die afstand tussen lewendige dele en die metaalomhul-sels of bedekkings, deur die voering gemeet, kleiner is as die toepaslike vry ruimte in 3.11 gespesifiseer	—	2 500	1 250
(e) Tussen bladmetaal in kontak met handvatsels, knoppe, grepe en soort-gelyke dele en hul asse, indien die asse lewendig kan raak as die isolering onklaar raak.....	—	2 500	2 500
(f) Tussen die romp en òf;			
(1) bladmetaal wat om die buigsame toevoerkabel of -koord binne deurvoerders, koordskerms, koordverankerings en soortge-lyke dele gedraai is.....	—	2 500	1 250
òf			
(2) 'n metaalstaaf met dieselfde diameter as die buigsame kabel of koord wat op sy plek inge-steek is.....	—	2 500	1 250
(g) Tussen die punt waar 'n wikkeling en 'n kapasitor verbind is, indien die isolering tussen hierdie punt en 'n aansluiter vir buitegeleiers tydens normale werktoestande aan 'n resonansiespanning U onderhe-wig is, en;			
(1) die romp.....	—	—	2U+ 1 000
(2) metaaldele wat slegs deur funk-sionele isolering van lewendige dele geskei word†.....	—	2U+ 1 000	—

6.5 AARDINGSTOETS.—Stuur 'n stroom van 25 A, wat verkry word van 'n wisselstroombron met 'n nullas-spanning van hoogstens 12 V, tussen die aardingsaansluiter of aardingskontak van die toestel en elk van die bereikbare metaaldele om die beurt deur. Meet die spanningsval tussen die aardingsaansluiter of aardingskontak van die toestel en die bereikbare metaaldeel en bereken die weer-stand uit die stroom en spanningsval.

* Dié toets word slegs uitgevoer waar die betrokke verbindings verbreek kan word sonder om die toestel te beskadig.

† Kortsluit die kapasitor en diskonnekteer ander dele vir hierdie toets. Moenie die toets uitvoer tussen die kontakte van skakelaars van mikrospleetkonstruksie, termostate, termiese uitskakelaars en soort-gelyke dele nie, of op die isolering van kapasitors tussen lewendige dele met 'n verskil in polariteit nie.

6.6 LOADING

6.6.1 *Standard washing agent:*

Ingredient	%
Tallow soap (sodium salt of tallow fatty acids)	6
Dodecyl benzene sodium sulphonate, "bio degradable type"	6
Nonylphenol, polyethylene oxide (9,5 E O)	6
Tripolyphosphate	40
Dry sodium silicate, ratio 2/1	8
Dry magnesium silicate	2
Pure CMC (carboxy-methyl-cellulose)	1
Ethylene diamine tetracetic acid (tetrasodium salt) (EDTA)	0,2
Inert (impurities of different ingredients)	1
Sodium sulphate	2,8
Water	7
Sodium perborate (supplied separately)	20

6.6.2 *Procedure.*—Measure the power input to the appliance while operating the appliance with a full load of textile material at normal temperature and at rated voltage, and make the measurement at the most unfavourable stage of the operating cycle. Carry out the test, in the case of a washing machine, under the following conditions:

(a) *Non-automatic appliances.*—(1) *Washing machines.* Fill the tub to the recommended level, with water at a temperature of 65 °C and add 250 m*l* of standard washing agent. Load the machine with enough hemmed cotton cloths of size approximately 70 cm × 70 cm or 55 cm × 85 cm and of dry mass 140–175 g/m² to constitute the maximum mass of dry washing marked on the machine. When relevant, so adjust the pressure on the rollers of a power-driven wringer that the pressure adjusting screw, if fitted, requires a torque of 3,5 N.m to tighten it further. Operate the appliance continuously for six complete cycles each consisting of 20 min washing, 7 min wringing, and 3 min idling with the motor running. When a power-driven wringer is not fitted, add the 7 min wringing period to the idling period. In the case of a spinner-type washing machine, replace the wringing operation by so operating the spinner which shall be loaded to its full capacity, and pump as to discharge water from the spinner tub.

(2) *Spin driers.*—Operate the appliance for six complete cycles, each consisting of 7 min spinning and 3 min at rest. Each spinning part of the cycle shall be performed with the appliance loaded and operated as in (1) above for spinner-type washing machines.

(b) *Automatic appliances.*—Load the appliance as specified in (a) above and operate it for six complete cycles or for a period of 4 h whichever is the shorter period.

N.B.—The detergent shown in the manufacturer's instruction may be used, but if there is any doubt concerning the results of the test the standard detergent shall also be used.

6.7 TEMPERATURE RISE TEST.—Immediately after completion of the loading test (6.6), measure the temperature of materials and insulation by the thermocouple method specified in Schedule 11 of Government Notice R. 1615, dated 22 October 1965, as amended, and the temperature of windings by the increase of resistance method specified in the said Schedule 11. Carry out measurements at an ambient temperature of $25 \begin{smallmatrix}+0\\-2\end{smallmatrix}$ °C.

6.8 FIRE RISK TEST.—Load the appliance with the quantity of dry cloths specified in 6.6.2 (a) (1) and operate the heating unit(s) at maximum rated voltage without water in the appliance until constant temperatures are attained. Do not operate any fans that are fitted.

6.6 BELASTING

6.6.1 *Standaardwasmiddel:*

Bestanddeel	%
Dierlike seep (natriumsout van dierlike vetsure)	6
Dodekielbenseennatriumsulfonaat, "bio-afbreekbare tipe"	6
Nonielfenol, poliëtileenoksied (9,5 E O)	6
Tripolifosfaat	40
Droë natriumsilikaat, verhouding 2/1	8
Droë magnesiumsilikaat	2
Suiwer KMS (karboksi-metiel-sellulose)	1
Etileendiamientetrasynsuur (tetranatriumsout) (EDTA)	0,2
Inert (onsuiwerhede van verskillende bestanddele)	1
Natriumsulfaat	2,8
Water	7
Natriumperboraat (afsonderlik verskaf)	20

6.6.2 *Prosedure.*—Meet die kraginset na die toestel terwyl die toestel met 'n vol lading tekstielmateriaal by normale temperatuur en teen die aanslagspanning werk. Doen die meting tydens die ongunstigste deel van die werksiklus. Voer die toets in die volgende toestande in die geval van huishoudelike wasmasjiene uit:

(a) *Nie-outomatiese toestelle.*—(1) *Wasmasjiene.*—Vul die bak tot by die aanbevole vlak met water by 'n temperatuur van 65 °C en voeg 250 m*l* van die standaardwasmiddel by. Plaas genoeg omgesoomde katoendoeke wat ongeveer 70 cm × 70 cm of 55 cm × 85 cm groot is en 'n droë massa van 140–175 g/m² het, in die masjien sodat die maksimum massa aan droë wasgoed, soos op die masjien aangegee, verkry word. Indien toepaslik, stel die druk op die rollers van 'n kragaangedrewe mangeldroër sodat die drukverstelskroef, indien een aangebring is, 'n wringkrag van 3,5 N.m vereis om dit stywer vas te draai. Laat die toestel ses volledige siklusse ononderbroke werk. Elke siklus bestaan uit 20 minute was, 7 minute mangeldroging en 3 minute luier terwyl die motor aan is. Indien daar nie 'n kragaangedrewe mangeldroër voorsien is nie, voeg die 7-minute-mangeldrogingtydperk by die luiertydperk. In die geval van 'n wenteltipe wasmasjien, laat die mangeldrogingstap weg en stel die wenteltoestel, wat heeltemal vol moet wees, en pomp op so 'n wyse in werking dat die water uit die wentelbak loop.

(2) *Wenteldroërs.*—Laat die toestel ses volledige siklusse werk. Elke siklus bestaan uit 7 minute wentel en 3 minute rus. Elke wenteldeel van die siklus moet uitgevoer word terwyl die toestel 'n lading het en werk soos in (1) hierbo vir die wenteltipe wasmasjien.

(b) *Outomatiese toestelle.*—Laai die toestel soos in (a) hierbo gespesifiseer en laat dit ses volledige siklusse of vier uur lank werk, watter periode ook al die kortste is.

L.W.—Die detergent wat in die fabrikant se aanwysings aangegee word, kan gebruik word maar indien daar twyfel bestaan oor die toetsresultate moet die standaarddetergent ook gebruik word.

6.7 TEMPERATUURSTYGINGSTOETS.—Meet onmiddellik na afloop van die belastingstoets (6.6) die temperatuur van die materiaal en isolering volgens die termopaarmetode aangegee in bylae 11 van Goewermentskennisgewing R. 1615 van 22 Oktober 1965, soos gewysig, en die temperatuur van die wikkelings volgens die weerstandsverhogingsmetode wat in die gemelde bylae uiteengesit is. Doen die metings by 'n omgewingstemperatuur van $25 \begin{smallmatrix}+0\\-2\end{smallmatrix}$ °C.

6.8 BRANDGEVAARTOETS.—Laai die toestel met die hoeveelheid droë doeke in 6.6.2 (a) (1) gespesifiseer en laat die verhittingseenheid (-eenhede) teen die maksimum aanslagspanning werk sonder water in die toestel totdat konstante temperature verkry word. Moenie enige waaiers wat aangebring is, laat werk nie.

6.9 TEST OF CURRENT-BREAKING CAPACITY OF SWITCHES AND OVERLOAD DEVICES

6.9.1 In the case of an a.c. motor, stall the motor and apply the maximum rated voltage to the terminals of the appliance. Operate the switch or overload device by means of its actuating member for 50 cycles of operation at a rate not exceeding 10 switching cycles per minute.

In the case of a d.c. or universal motor having direct on-line starting, conduct the test as specified above using a direct current of 10 times the maximum load current of the motor at maximum rated voltage.

6.9.2 Load the appliance so that the conditions for starting are the most unfavourable encountered in normal use and start it 10 times at a voltage equal to 0,85 times the minimum rated voltage, regulating devices, if any, being set as in normal use. Then repeat the starting procedure 10 times at a voltage equal to 1,1 times the maximum rated voltage. Make the interval between consecutive starts sufficiently long to prevent undue heating.

6.10 WRINGER RELEASE

6.10.1 *Apparatus.*—A test board of length 800 mm, of width equal to at least 75 per cent of the effective length of the rollers, and of thickness 20 mm, and that is uniformly tapered at each end over a distance of 200 mm to a thickness of approximately 3 mm.

6.10.2 *Procedure.*—Set the pressure between the rollers, if adjustable by the user, to its maximum value. Pass the test board between the rollers and stop the wringer when the test board is about half way through. Then apply a slowly increasing force to the operating means of the safety release.

6.11 CORD ANCHORAGE.—Ensure that the conductors of the flexible cord are correctly connected to the terminals and that the terminal screws, if any, are tightened just sufficiently to prevent the conductors from easily changing their position. Ensure that the cord anchorage is fixed as for normal use. Subject the cord 25 times without jerking to a pull of 100 N applied for one second in the most unfavourable direction. Immediately afterwards subject the cord for one minute to a torque of 0,35 N.m, then inspect the cord anchorage and the cord for compliance with the requirements of 3.8.2.

6.12 AGING TEST ON RUBBER.—Place the specimen to be tested in a thermostatically controlled air oven maintained at a temperature of 70±2 °C, for 120 h.

6.13 TEST FOR ADEQUACY OF GUARDING

6.13.1 *Apparatus.*—A standard test finger as illustrated in Fig. 1 of Schedule 12 of Government Notice R. 1615, dated 22 October 1965, as amended. The test finger is connected to a flexible lead by means of a plug inserted in the socket or by other equivalent means.

6.13.2 *Test for moving parts.*—Where components are movable, e.g. for the purpose of belt tensioning, test each component in its most unfavourable position within the range of adjustment, belts being removed, if necessary, for this purpose. Apply the standard test finger directly to the part to be tested and make a visual examination to determine whether or not contact is made between the finger and the part under test. Where there is any doubt as to whether contact is made, or whether a given part is alive, connect the flexible lead from the test finger through a voltmeter having a resistance of not less than 1 000 Ω/V,

6.9 TOETS VIR DIE STROOMBREEKVERMOË VAN SKAKELAARS EN OORLASINRIGTINGS

6.9.1 Staak die motor in die geval van 'n wisselstroommotor en lê die maksimum aanslagspanning oor die toestelaansluiters aan. Laat die skakelaar of oorlasinrigting deur middel van sy aktiveermeganisme 50 siklusse lank teen 'n tempo van hoogstens 10 skakelsiklusse per minuut werk.

In die geval van 'n gelykstroom- of universele motor met regstreekse aansitting, voer die toets uit soos hierbo gespesifiseer met 'n gelykstroom wat gelyk is aan 10 maal die maksimum belastingstroom van die motor teen maksimum aanslagspanning.

6.9.2 Laai die toestel sodat die aansittoestande die ongunstigste is wat tydens normale gebruik teëgekom word en sit dit 10 maal aan by 'n spanning wat gelyk is aan 0,85 maal die minimum aanslagspanning. Reëlaars, indien daar is, moet soos vir normale gebruik gestel wees. Herhaal die aansitprosedure dan 10 maal teen 'n spanning gelyk aan 1,1 maal die maksimum aanslagspanning. Laat genoeg tyd tussen agtereenvolgende aansittings verloop om oormatige verhitting te voorkom.

6.10 MANGELLOSLATING

6.10.1 *Apparaat.*—'n Toetsbord wat 800 mm lank, ongeveer 75 persent van die effektiewe lengte van die rollers breed en 20 mm dik is, wat aan elke ent oor 'n afstand van 200 mm egalig skuins toeloop tot 'n dikte van ongeveer 3 mm.

6.10.2 *Prosedure.*—Indien die gebruiker die druk kan instel, stel die druk tussen die rollers op die maksimum waarde in. Stoot die toetsbord tussen die rollers deur en sit die mangel stop sodra die toetsbord ongeveer halfpad deur is. Wend dan krag wat met verdrag verhoog word, op die werkmiddele van die veiligheidslosmeganisme aan.

6.11 KOORDVERANKERING. Maak seker dat die geleier van die buigsame koord op die korrekte wyse aan die aansluiters verbind is en dat die aansluiterskroewe, indien daar is, net styf genoeg vasgedraai is om te voorkom dat die geleiers maklik uit posisie raak. Maak seker dat die koordverankering soos vir normale gebruik vas is. Onderwerp die koord 25 maal aan 'n trekkrag van 100 N wat een sekonde lank sonder enige rukbeweging in die ongunstigste rigting aangewend word. Onderwerp die koord onmiddellik daarna een minuut lank aan 'n wringkrag van 0,35 N.m en ondersoek dan die koordverankering en koord vir voldoening aan die vereistes van 3.8.2.

6.12 VERWERINGSTOETS OP RUBBER.—Plaas die eksemplaar wat getoets moet word in 'n termostaties beheerde oond wat 120 uur lank by 'n temperatuur van 70±2 °C gehou word.

6.13 TOETS VIR DOELTREFFENDHEID VAN BESKERMING

6.13.1 *Apparaat.*—'n Standaardtoetsvinger soos geïlustreer in fig. 1 van bylae 12 van Goewermentskennisgewing R. 1615 van 22 Oktober 1965, soos gewysig. Die toetsvinger word deur middel van 'n prop wat in 'n sok gesteek is of deur ander soortgelyke middele aan 'n buigsame leiding verbind.

6.13.2 *Toets vir bewegende dele.*—Indien onderdele beweeg kan word, bv. om die band stywer te draai, toets elke onderdeel in die ongunstigste posisie binne die instelbestek. Haal die bande af indien dit hiervoor nodig is. Wend die standaardtoetsvinger direk aan op die deel wat getoets word en ondersoek visueel om vas te stel of die vinger aan die deel raak wat getoets word. Indien daar nie met sekerheid vasgestel kan word of kontak gemaak word en of die besondere deel lewendig is nie, verbind die buigsame leiding van die toetsvinger deur 'n voltmeter met 'n weerstand van minstens 1 000 Ω/V, of ander

or other convenient indicator of equivalent sensitivity, to to one pole of a 6–12 V battery. Connect the other pole of the battery to the part under test. Deflection of the pointer of the voltmeter is taken to indicate contact.

6.13.3 *Test for live parts.*—Using a force not greater than 25 N apply the standard test finger through and around all parts of the guard or enclosure and determine whether or not contact is made between the finger and the part under test, in this case connecting the second pole of the battery to the live terminals or points of the inner wiring, or both, of the appliance, which shall be entirely disconnected from the supply mains during this test (see 6.14.2). For the purpose of this test the appliance may be so placed that the part under test is horizontal.

6.14 ABSORPTION TEST ON INSULATING MATERIALS

6.14.1 *Vitrified ceramic material.*—Take a sufficient number of clean dry pieces of the vitrified ceramic material to be tested to provide between 40 and 50 g of chips, the maximum dimension of each chip being approximately 10 mm. Heat the chips to 110±1 °C in a dry atmosphere for at least 2 h and allow them to cool in a desiccator.

Determine the mass of the chips to the nearest milligram (A) and then immerse them in distilled water. Bring the water containing the chips to boiling point and keep it boiling for at least 30 min. Cool the ships, still completely immersed in the water, and allow them to remain in the water at room temperature for at least 5 h.

Drain off the water and remove all residual drops of water by rolling the chips on a piece of filter paper. Transfer the chips to a piece of wire gauze supported in still air at room temperature and, not less than 5 and not more than 10 min after removal from the water, redetermine the mass of the chips to the nearest milligram (B).

$$\text{Water absorption, } \% = \frac{(B-A)\times 100}{A}.$$

6.14.2 *Other insulating material.*—Immerse pieces of the insulating material in distilled water at 20±2 °C for 48 h. Immediately after removing the pieces from the water inspect them for compliance with the requirements of 4.11.2.

6.15 COMBUSTION TEST

6.15.1 *Apparatus*

(a) A test oven of the type shown in Fig. 2 of Schedule 12 of Government Notice R. 1615, dated 22 October 1965, as amended. The apparatus is heated by a regulated electric current passed through a heating element surrounding the heating chamber. The height of the pilot flame is adjusted to approximately 20 mm.

(b) A wire mesh basket of diameter 20 mm and height 50 mm to contain the test specimens.

6.15.2 *Temperature measurement.*—The temperature of the heating chamber is that shown by a thermocouple. The junction of the thermocouple is situated at the same level as the centre of the specimen and equidistantly between the inner surface of the chamber and the specimen.

The diameter of the wires of the thermocouple shall be not more than 1,30 mm and not less than 0,50 mm, and the wires shall be bare for a length of approximately 25 mm from the junction.

6.15.3 *Test specimens.*—From the material to be tested out at least three specimens of width 15 mm, of length preferably 50 mm, and having the thickness of the material

geriefliker aanwyser van ekwivalente sensitiwiteit, aan een pool van 'n battery van 6–12 V. Verbind die ander pool van die battery aan die deel wat getoets word. Daar word geag dat defleksie van die voltmeterpunt aandui dat daar kontak is.

6.13.3 *Toets vir lewendige dele.*—Gebruik 'n krag van hoogstens 25 N om die standaardtoetsvinger deur en om alle dele van die skerm of omhulsel te steek. Stel vas of die vinger aan die deel raak wat getoets word deur in hierdie geval die tweede pool van die battery te verbind aan die lewendige aansluiters of plekke op die binnebedrading, of albei, van die toestel wat gedurende die toets glad nie aan die kragnet verbind mag wees nie (kyk 6.14.2). Die toestel kan vir die doeleindes van hierdie toets so geplaas word dat die deel wat getoets word, horisontaal is.

6.14 TOETS VIR NIE-ABSORBERENDHEID VAN ISOLEERMATERIAAL

6.14.1 *Materiaal van verglaasde keramiek.*—Neem genoeg skoon, droë stukke van die verglaasde keramiek wat getoets moet word om skerwe van tussen 40–50 g te kry. Die maksimum afmeting van elke skerf moet ongeveer 10 mm wees. Verhit die skerwe minstens twee uur lank tot 110±1 °C in 'n droë atmosfeer en laat hulle in 'n desikkator afkoel.

Bepaal die massa van die skerwe tot die naaste milligram (A) en dompel hulle dan in gedistilleerde water. Verhit die water met die skerwe daarin tot kookpunt en laat dit minstens 30 minute lank kook. Laat die skerwe afkoel, terwyl dit heeltemal in die water ingedompel bly, en laat hulle minstens vyf uur lank in die water by kamertemperatuur bly.

Gooi die water af en verwyder die oorblywende waterdruppels deur die skerwe oor 'n stuk filtreerpapier te rol. Plaas die skerwe oor op 'n stuk draadgaas wat in stil lug by kamertemperatuur gesteun word en bepaal die massa (B) van die skerwe weer tot die naaste milligram minstens vyf en hoogstens 10 minute nadat hulle uit die water gehaal is.

$$\text{Waterabsorpsie, } \% = \frac{(B-A)\times 100}{A}.$$

6.14.2 *Ander isoleermateriaal.*—Dompel stukke van die isoleermateriaal 48 uur lank in gedistilleerde water by 20±2 °C. Ondersoek die stukke vir voldoening aan die vereistes van 4.11.2 onmiddellik nadat hulle uit die water gehaal is.

6.15 NIE-BRANDBAARHEIDSTOETS

6.15.1 *Apparaat*

(a) 'n Toetsoond van die tipe geïllustreer in fig. 2 van bylae 12 van Goewermentskennisgewing R. 1615 van 22 Oktober 1965, soos gewysig. Die apparaat word verhit deur 'n gereguleerde elektriese stroom deur 'n verhittingselement om die verhittingskamer te stuur. Die hoogte van die toetsvlam moet op ongeveer 20 mm ingestel word.

(b) 'n Draadmaasmandjie, met 'n diameter van 20 mm en 'n hoogte van 50 mm, waarin die toetsstukke geplaas word.

6.15.2 *Temperatuurmeting.*—Die temperatuur van die verhittingskamer is die temperatuur wat aangegee word op 'n termopaar. Die aansluiting van die termopaar is op dieselfde vlak as die eksemplaar se middellyn aangebring en ewe ver van die binneoppervlak van die kamer en die eksemplaar af.

Die diameter van die termopaardrade moet hoogstens 1,30 mm en minstens 0,50 mm wees en die drade moet oor 'n afstand van ongeveer 25 mm van die aansluiting af kaal wees.

6.15.3 *Toetseksemplare.*—Sny uit die materiaal wat getoets word, minstens drie eksemplare wat 15 mm breed en verkieslik 50 mm lank is en wat so dik is soos die

as supplied, provided that if the thickness exceeds 5 mm it shall be cut down to 5 mm, and such that the total mass is not less than 6 and not more than 10 g.

6.15.4 *Conditioning.*—Condition each specimen for at least 18 h in an atmosphere having a relative humidity of 75±5 per cent and a temperature of 20±2 °C. Test each specimen within 3 min of removal from the controlled atmosphere. Ensure that the surfaces of each specimen are free from dust and moisture before commencing the test.

6.15.5 *Procedure.*—Raise the temperature of the heating chamber to 300 °C as recorded by the thermocouple. So suspend the basket containing the test specimens in the oven that the top of the basket is approximately 12 mm below the top of the heating chamber. Maintain the temperature at 300 °C for 5 min while observing the specimens for ignition of emitted vapours.

Remove the specimens from the chamber and inspect them.

6.16 CORROSION RESISTANCE TEST.—Immerse the component to be tested for 10 min in trichloroethylene to remove all grease, then remove it from the trichloroethylene and allow it to dry. Immerse the component for 10 min in a 10 percent (m/v) aqueous solution of ammonium chloride at a temperature of 20±5 °C, then remove it from the solution and shake off the drops of ammonium chloride solution but do not dry it. Place it for a period of 10 min in a cabinet containing air saturated with moisture at a temperature of 20±5 °C. Remove the component from the cabinet, dry it for 10 min in an oven maintained at a temperature of 100±5 °C, and inspect the surface for compliance with the requirements of 3.2.3.

6.17 TEST ON NAME-PLATES

6.17.1 *Apparatus*

(a) *Test panels.*—(1) *One aluminium test panel* large enough to accommodate at least six name-plates without overlapping of their edges.

(2) *Four aluminium test panels* large enough to accommodate at least three name-plates without overlapping of their edges.

(b) *A forced-draft air oven* capable of maintaining a temperature of 80±5 °C.

(c) *A suitable abrasion tester* fitted with a steel wire bristle brush.

6.17.2 *Procedure*

(a) Attach the name-plates to the test panels in the the manner used by the manufacturer. So distribute the name-plates that each of the small test panels carries not less than 3 and not more than six name-plates and the panel carries not less than six and not more than 10 name-plates.

(b) *Resistance to abrasion.*—Subject the name-plates on the large test panel to 500 cycles on the abrasion tester.

(c) *Aging at room temperature.*—Set aside one small test panel to age at room temperature for a period of 14 d.

(d) *Aging at elevated temperature.*—Place one small test panel in the oven for a period of 7 d.

(e) *Resistance to solvents.*—Wipe the name-plates on one small test panel successively, for 15 s each, with three cloths soaked in paraffin, benzene, and water respectively.

(f) *Oil immersion.*—Immerse one small test panel for at least 18 h in No. 20 SAE oil at a temperature of 70 °C. Remove and wipe dry.

(g) After the conclusion of each treatment in (b)–(f) above, test the treated sample for compliance with the equirements of 5.7.

materiaal wat verskaf word—met dien verstande dat indien die dikte 5 mm oorskry, dit tot 5 mm teruggesny moet word—en sodanig dat die totale massa minstens 6 en hoogstens 10 g is.

6.15.4 *Kondisionering.*—Kondisioneer elke eksemplaar minstens 18 uur lank in 'n atmosfeer met 'n relatiewe humiditeit van 75±5 persent en 'n temperatuur van 20±2 °C. Toets elke eksemplaar binne drie minute nadat dit uit die beheerde atmosfeer gehaal is. Maak seker dat die oppervlakke van elke eksemplaar vry van stof en vog is voordat daar met die toets begin word.

6.15.5 *Prosedure.*—Verhoog die temperatuur van die verhittingskamer tot 300 °C soos op die termopaar aangedui. Hang die mandjie met die toetseksemplare op so 'n wyse in die oond op dat die bokant van die mandjie ongeveer 12 mm onder die bokant van die verhittingskamer is. Hou die temperatuur van 300 °C 5 minute lank vol terwyl daar opgelet word of die damp wat vrygestel word, ontvlam. Haal die eksemplare dan uit die kamer en ondersoek hulle.

6.16 KORROSIEBESTANDHEIDSTOETS.—Dompel die onderdeel wat getoets gaan word 10 minute lank in trichlooretileen om alle vetterigheid daarvan te verwyder, haal dit dan uit die trichlooretileen en laat dit droog word. Dompel die onderdeel 10 minute lank in 'n 10-% (m/v)-wateroplossing van ammoniumchloried by 'n temperatuur van 20±5 °C, haal dit dan uit die oplossing en skud die druppels ammonoiumchloried daarvan af, maar moenie dit afdroog nie. Plaas dit 10 minute lank in 'n kabinet met lug wat versadig is met vog by 'n temperatuur van 20±5 °C. Haal die onderdeel uit die kabinet, droog dit 10 minute lank in 'n oond wat by 'n temperatuur van 100±5 °C gehou word en ondersoek die oppervlak dan vir voldoening aan die vereistes van 3.2.3.

6.17 TOETS OP PLAATJIES

6.17.1 *Apparaat*

(a) *Toetspanele.*—(1) *Een aluminiumtoetspaneel* wat groot genoeg is sodat minstens ses plaatjies daarop geplaas kan word sonder dat hul rande oormekaarslaan.

(2) *Vier aluminiumtoetspanele* wat groot genoeg is sodat minstens drie plaatjies daarop geplaas kan word sonder dat hul rande oormekaarslaan.

(b) *'n Druklugoond* wat 'n temperatuur van 80±5 °C kan volhou.

(c) *'n Geskikte skuurtoetsmasjien* wat van 'n staaldraadborsel voorsien is.

6.17.2 *Prosedure*

(a) Bevestig die plaatjies teen die toetspanele op dieselfde wyse as wat die fabrikant dit doen. Versprei die plaatjies sodat daar minstens drie en hoogstens ses plaatjies op elk van die klein toetspanele en minstens ses en hoogstens 10 plaatjies op die groot paneel is.

(b) *Skuurbestandheid.*—Onderwerp die plaatjies op die groot toetspaneel aan 500 siklusse op die skuurtoetsmasjien.

(c) *Veroudering by kamertemperatuur.*—Hou een klein toetspaneel uit en verouder dit 14 dae lank by kamertemperatuur.

(d) *Veroudering by verhoogde temperatuur.*—Plaas een klein toetspaneel sewe dae lank in die oond.

(e) *Bestandheid teen oplosmiddels.*—Vee die plaatjies op een klein toetspaneel elk 15 sekondes lank om die beurt af met drie doeke wat onderskeidelik in paraffien, benseen en water geweek is.

(f) *Indompeling in olie.*—Dompel een klein toetspaneel minstens 18 uur lank in SAE-olie No. 20 by 'n temperatuur van 70 °C. Haal dit uit en droog dit af.

(g) Toets die behandelde monster na afloop van elke behandeling in (b)–(f) hierbo vir voldoening aan die vereistes van 5.7.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 877 27 May 1977

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—LISHANSKY TO LEIGH

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Ernest Lishansky, his wife Hetty Dora, born Katz, and his children Brain Eric Lishansky-Leigh and Mark Steven Lishansky-Leigh residing at 41 Sandler Road, Fairmount, Johannesburg, to assume the surname of Leigh.

No. 878 27 May 1977

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—JANSEN VAN VUUREN TO TUCKER

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Johannes Lodewikus Jansen van Vuuren, his wife Nellie Dorothy, born Van Heerden, and his children Andrew William Tucker, Sharon Dorothy Tucker and William John Tucker residing at 63 Milessharp Street, Rynfield, Benoni, to assume the surname of Tucker.

No. 879 27 May 1977

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—OHFOND TO ALFOND

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Melville Clarence Ohfond, his wife Ruby Iris, born Pinkey, and his children Vivian Hilary Liao-Chong-Alfond, Bernard Ayliff Liao-Chong-Alfond and Jerome Melville Liao Chong residing at 37 Campbell Street, Port Elizabeth, to assume the surname of Alfond.

No. 880 27 May 1977

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—MACDOUGALL TO BALLARD

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937, (Act 1 of 1937), to authorise Callum Niel MacDougall residing at 443 West Avenue, Ferndale, Randburg, to assume the surname of Ballard.

No. 881 27 May 1977

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—BRETT TO RUSSELL-BRETT

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Henry Moll Brett, his wife Anne Elizabeth, born Ferreira, and his children Marcello Henry and Maurice Collin residing at Vlakfontein, Parys, to assume the surname of Russell-Brett.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 877 27 Mei 1977

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—LISHANSKY IN LEIGH

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937) Ernest Lishansky, sy vrou Hetty Dora, gebore Katz, en sy kinders Brian Eric Lishansky-Leigh en Mark Steven Lishansky-Leigh woonagtig te Sandlerweg 41, Fairmount, Johannesburg, te magtig om die van Leigh aan te neem.

No. 878 27 Mei 1977

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—JANSEN VAN VUUREN IN TUCKER

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937) Johannes Lodewikus Jansen van Vuuren, sy vrou Nellie Dorothy, gebore van Heerden, en sy kinders Andrew William Tucker, Sharon Dorothy Tucker en William John Tucker woonagtig te Milessharpstraat 63, Rynfield, Benoni, te magtig om die van Tucker aan te neem.

No. 879 27 Mei 1977

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—OHFOND IN ALFOND

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937) Melville Clarence Ohfond, sy vrou Ruby Iris, gebore Pinkey, en sy kinders Vivian Hilary Liao-Chong-Alfond, Bernard Ayliff Liao-Chong-Alfond en Jerome Melville Liao Chong woonagtig te Campbellstraat 37, Port Elizabeth, te magtig om die van Alfond aan te neem.

No. 880 27 Mei 1977

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING. — MACDOUGALL IN BALLARD

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937) Callum Niel MacDougall woonagtig te Westlaan 443, Ferndale, Randburg, te magtig om die van Ballard aan te neem.

No. 881 27 Mei 1977

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING. — BRETT IN RUSSELL-BRETT

Manufactured by.—Finlay Rintoul Heunis (B. Arch.), P.O. Box 113, Zastron, 9950.

Brief description of product and use.—This interim certificate relates to the Fian building system for use in the construction of single-storey houses, row-houses and flats.

In this method of construction precast concrete panels are used to form external cavity walls about 190 mm thick, and single-leaf internal walls about 65 mm thick. The panels are located by means of reinforced concrete columns, cast *in situ*. The external panels incorporate bricks to simulate conventional brickwork.

Cavity walls filled with concrete extend up to ceiling height to form party-walls between dwelling units. A brick wall 170 mm thick is built from ceiling level up to the underside of the roofing material to complete the party-wall.

The buildings have traditional concrete foundations and floor slabs. Conventional roofing and ceiling materials are used. All services are traditional.

This certificate covers the use of this method of construction for the erection of—

(i) single-storey detached houses and associated outbuildings; and

(ii) single-storey row-houses and flats;

throughout South Africa and South-West Africa, with the exception of coastal areas and the winter rainfall areas.

Copies of the certificate, which includes detailed specifications, are obtainable from the Manager, Agrément Board of South Africa, P.O. Box 395, Pretoria, 0001, at a cost of R2 per copy (for each official language).

(27 May 1977)

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 76/37 (voorlopig).

Naam van produk.—Fian-boustelsel.

Vervaardig deur.—Finlay Rintoul Heunis (B. Arch.), Posbus 113, Zastron, 9950.

Kort beskrywing van produk en gebruik.—Hierdie voorlopige sertifikaat het betrekking op die Fian-boustelsel vir die oprigting van losstaande en enkelverdiepinghuise, ryhuise en woonstelle.

Volgens hierdie konstruksiemetode word voorafvervaardigde betonpanele gebruik om hol buitemure, ongeveer 190 mm dik, en enkelbladbinnemure, ongeveer 65 mm dik, te vorm. Die panele word met behulp van gewapendebetonkolomme, wat *in situ* gegiet is, gemonteer. Die buitemuurpanele bevat bakstene sodat dit die voorkoms van tradisionele baksteenwerk het. Spoumure, gevul met beton, strek tot plafonhoogte om deelmure tussen wooneenhede te vorm. 'n Baksteenmuur, 170 mm dik, word van plafonhoogte tot onder die dakbedekking opgebou om die deelmure te voltooi.

Die geboue het tradisionele betonfondamente en -vloerblaaie. Konvensionele dak- en plafonmateriale word gebruik. Alle dienste is tradisioneel.

Hierdie sertifikaat dek die gebruik van hierdie konstruksiemetode vir die oprigting van—

(i) losstaande enkelverdiepinghuise en gepaardgaande buitegeboue; en

(ii) enkelverdiepingryhuise en -woonstelle;

oral in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, met uitsondering van kusstreke en winterreënvalstreke.

Afskrifte van die sertifikaat, wat gedetailleerde spesifikasies insluit, is verkrygbaar van die Bestuurder, Agrément-raad van Suid-Afrika, Posbus 395, Pretoria, 0001, teen 'n koste van R2 per afskrif (vir elke amptelike taal).

(27 Mei 1977)

NOTICE 324 OF 1977

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

(Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has issued an agrément certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from 28 October 1976.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificate 76/38 (interim).

Name of product.—Wilrika.

Manufactured by.—Wilrika (Pty) Ltd, P.O. Box 416, Barberton, 1300.

Brief description of product and use.—This certificate relates to the Wilrika building system for the erection of single-storey detached houses and associated outbuildings.

In this method of construction, external and internal walls are constructed from prefabricated reinforced concrete columns and panels. The external walls are clad on the inside with gypsum plaster board drywalling and are approximately 100 mm thick, while the internal walls, which are plastered, are approximately 60 mm thick.

KENNISGEWING 324 VAN 1977

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

(Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hierby dat die Agrément-raad van Suid-Afrika 'n agreément-sertifikaat, waarvan besonderhede in die onderstaande Bylae verskyn, met ingang van 28 Oktober 1976, uitgereik het.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 76/38 (voorlopig).

Naam van produk.—Wilrika.

Vervaardig deur.—Wilrika (Edms.) Bpk., Posbus 416, Barberton, 1300.

Kort beskrywing van produk en gebruik.—Hierdie sertifikaat het betrekking op die Wilrika-boustelsel vir die oprigting van losstaande enkelverdiepinghuise en gepaardgaande buitegeboue.

Volgens hierdie konstruksiemetode word voorafvervaardigde gewapendebetonkolomme en -planke vir die oprigting van buite- en binnemure gebruik. Die buitemure word aan die binnekant met gipsborddroëmuurwerk beklee en is omtrent 100 mm dik, die beraapte binnemure is omtrent 60 mm dik.

Except for the special methods used in the erection of the concrete columns and the use of purpose-made steel window and door frames, conventional methods of construction are used in the completion of Wilrika buildings, i.e. conventional concrete surface beds, roofs, finishings, fittings and services are used.

This certificate covers the use of this method of construction for the erection of single-storey buildings and associated outbuildings throughout South Africa and South-West Africa, with the exception of coastal areas and winter rainfall areas.

Copies of the certificate, which includes detailed specifications, are obtainable from the Manager, Agrément Board of South Africa, P.O. Box 395, Pretoria, 0001, at a cost of R2 per copy (for each official language).

(27 May 1977)

NOTICE 325 OF 1977

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

(Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has issued an agrément certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from 2 December 1976.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificate 76/39.

Name of product.—Trident baths.

Manufactured by.—Van Leer South Africa (Pty) Ltd, 'Trident' Sanitaryware Division, Third Floor, Annuity House, 18 Rissik Street, Johannesburg, 2001.

Brief description of product and use.—This certificate relates to the Trident range of acrylic baths. The baths are made from polymethyl methacrylate sheets reinforced with a chopped strand glass-fibre mat impregnated with polyester resin. Suitable stiffening is incorporated in the base and around the top edges of the bath to resist normal loading. The baths are available in five sizes, in two grades and in various colours.

This certificate covers baths for use in—

(i) dwellings, including multi-storey blocks of flats and cluster housing schemes;

(ii) hostels and old-age homes where the occupants are ambulant; and

(iii) hotels and clubs;

in all parts of South Africa and South-West Africa.

Copies of the certificate, which includes detailed specifications, are obtainable from the Manager, Agrément Board of South Africa, P.O. Box 395, Pretoria, 0001, at a cost of R2 per copy (for each official language).

(27 May 1977)

NOTICE 326 OF 1977

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

(Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has issued an agrément certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from 24 February 1977.

Behalwe dat die oprigting van die betonkolomme op 'n spesiale manier gedoen word en doelgemaakte staalvensterrame en -deurkosyne gebruik word, word Wilrika-geboue volgens 'n konvensionele metode voltooi, d.w.s. konvensionele betonbeddinglae, dakke, afwerkings, toebehore en dienste word gebruik.

Hierdie sertifikaat dek die gebruik van die konstruksiemetode vir enkelverdiepinghuise en gepaardgaande buitegeboue in alle streke van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, met uitsondering van die kusstreke en die winterreënvalstreke.

Afskrifte van die sertifikaat, wat gedetailleerde spesifikasies insluit, is verkrygbaar van die Bestuurder, Agrément-raad van Suid-Afrika, Posbus 395, Pretoria, 0001, teen 'n koste van R2 per afskrif (vir elke amptelike taal).

(27 Mei 1977)

KENNISGEWING 325 VAN 1977

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

(Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hierby dat die Agrément-raad van Suid-Afrika 'n agrément-sertifikaat, waarvan besonderhede in die onderstaande Bylae verskyn, met ingang van 2 Desember 1976 uitgereik het.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 76/39.

Naam van produk.—Trident-baddens.

Vervaardig deur.—Van Leer Suid-Afrika (Edms.) Bpk., Afdeling 'Trident' - sanitêreware, Derde Verdieping, Annuity House, Rissikstraat 18, Johannesburg, 2001.

Kort beskrywing van produk en gebruik.—Hierdie sertifikaat het betrekking op die akrielbaddens van die Trident-reeks. Die baddens word vervaardig uit polimetielmetakrilaatplate wat met 'n mat van gekapte glasveseldrade verstrek en met 'n poliësterhars deurweek is. Die bodem en rand van die bad word behoorlik verstewig om normale druk te weerstaan. Die baddens is in vyf groottes, twee gehaltes en in verskillende kleure beskikbaar.

Hierdie sertifikaat dek die baddens vir gebruik in alle dele van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika in—

(i) woonhuise, met inbegrip van veelverdiepingwoonstelblokke en meentbehuisingskemas;

(ii) koshuise en ouetehuise vir nie-bedlêende inwoners; en

(iii) hotelle en klubs.

Afskrifte van die sertifikaat, wat gedetailleerde spesifikasies insluit, is verkrygbaar van die Bestuurder, Agrément-raad van Suid-Afrika, Posbus 395, Pretoria, 0001, teen 'n koste van R2 per afskrif (vir elke amptelike taal).

(27 Mei 1977)

KENNISGEWING 326 VAN 1977

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

(Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hierby dat die Agrément-raad van Suid-Afrika 'n agrément-sertifikaat, waarvan besonderhede in onderstaande Bylae verskyn, met ingang van 24 Februarie 1977 uitgereik het.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificate 77/40.

Name of product.—LTA Rimon.

Manufactured by.—LTA Rimon (Pty) Ltd, P.O. Box 82510, Southdale, 2135.

Brief description of product and use.—This certificate replaces Certificate 71/04 (interim), and relates to the use of the LTA Rimon building system for the construction of buildings up to 24 storeys high.

When this method of construction is used for buildings with large clear spans and up to four storeys high, the floor and roof slabs comprise narrow precast reinforced concrete coffered panels laid side by side and covered with an *in situ* reinforced concrete screed, supported on load-bearing reinforced concrete wall panels (usually less than room-size).

Flat precast reinforced concrete floor and roof slabs supported on room-size flat reinforced concrete wall panels are used in high-rise buildings of up to 24 storeys.

Conventional foundation techniques are employed and for certain applications conventional timber roof-truss construction may be used as an alternative to the precast concrete roof slabs.

This system also incorporates a services panel into which has been cast ducting/piping of suitable materials for services such as water reticulation, soil and waste drainage.

This certificate covers the use of this building system for the erection of the types of building listed below throughout South Africa and South-West Africa, on condition that the type of walling and flooring is used in the correct position and in the appropriate types of building.

(a) *System using room-size wall and floor panels.*—(i) Flats and office buildings up to 24 storeys; and

(ii) hostel buildings and schools (excluding halls and gymnasia) up to four storeys.

(b) *System using coffered floor and roof units and wall panels less than room-size.*—Flats, hostels, office buildings, and schools (excluding halls and gymnasia) up to four storeys.

Copies of the certificate, which includes detailed specifications, are obtainable from the Manager, Agrément Board of South Africa, P.O. Box 395, Pretoria, 0001, at a cost of R2 per copy (for each official language).

(27 May 1977)

NOTICE 327 OF 1977

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL CREDIT AND LAND TENURE

PROPOSED LEASE TO THE FISHERIES DEVELOPMENT CORPORATION OF SOUTH AFRICA LIMITED OF A PORTION OF THE LANGEBAAN LAGOON, DIVISION OF MALMESBURY

Notice is hereby given, in terms of section 3 (5) of the Sea-shore Act, 1935 (Act 21 of 1935), that the Minister of Agriculture proposes to lease an area, in extent approximately 50 metres by 1 000 metres, in the Langebaan lagoon, near Churchhaven, to the Fisheries Development Corporation of South Africa Limited for the cultivation of oysters.

A locality sketch lies for inspection at the office of the Regional Representative, Department of Agricultural Credit and Land Tenure, Parliament Towers, 103 Plein Street, Private Bag X9024, Cape Town.

(04-075-90047)

(27 May 1977)

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 77/40.

Naam van produk.—LTA Rimon.

Vervaardig deur.—LTA Rimon (Edms.) Bpk., Posbus 82510, Southdale, 2135.

Kort beskrywing van produk en gebruik.—Hierdie sertifikaat vervang Sertifikaat 71/04 (voorlopig), en het betrekking op die gebruik van die LTA Rimon-boustelsel vir die konstruksie van geboue tot 24 verdiepings hoog.

Indien hierdie konstruksiemetode gebruik word vir geboue met 'n lang ononderbroke spanwydte en tot vier verdiepings hoog, bestaan die vloer- en dakblaaie uit smal kofferpanele van voorafgegiete gewapende beton, sy aan sy, bedek met 'n *in situ*-gewapendebetonvlaklaag en gestut deur lasdraende betonmuurpanele (gewoonlik kleiner as kamergrootte).

By geboue tot 24 verdiepings hoog, word gebruik gemaak van plat voorafgegiete gewapendebetonvloer- en -dakblaaie gestut op kamergrootte plat gewapendebetonmuurpanele.

Konvensionele fondementtegnieke word toegepas en vir sekere aanwendings word gebruik gemaak van konvensionele houtdakbalkkonstruksie as 'n alternatief vir voorafgegiete betonblaaie.

Die stelsel sluit ook 'n dienstepaneel met geleidings/pype van geskikte materiaal vir dienste soos waterretikulering, riool- en vuilwaterdreinering in.

Hierdie sertifikaat dek die gebruik van hierdie boustelsel vir die oprigting van onderstaande tipes geboue orals in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika mits die soort muur- en vloerwerk in die toepaslike geboue en in hulle korrekte posisies gebruik word.

(a) *Stelsel wat gebruik maak van muur- en vloerpanele van kamergrootte.*—(i) Woonstelle en kantoorgeboue tot 24 verdiepings; en

(ii) koshuisgeboue en skole (sale en gimnastieksale uitgesluit) tot vier verdiepings.

(b) *Stelsel wat gebruik maak van koffervloer- en -dakeenhede en muurpanele kleiner as kamergrootte.*—Woonstelle, koshuise, kantoorgeboue en skole (sale en gimnastieksale uitgesluit) tot vier verdiepings.

Afskrifte van die sertifikaat, wat gedetailleerde spesifikasies insluit, is verkrygbaar van die Bestuurder, Agrément-raad van Suid-Afrika, Posbus 395, Pretoria, 0001, teen 'n koste van R2 per afskrif (vir elke amptelike taal).

(27 Mei 1977)

KENNISGEWING 327 VAN 1977

DEPARTEMENT VAN LANDBOUKREDIET EN GRONDBESIT

VOORGESTELDE VERHURING AAN DIE VISSERYE-ONTWIKKELINGSKORPORASIE VAN SUID-AFRIKA BEPERK VAN 'N GEDEELTE VAN DIE LANGEBAANSTRANDMEER, AFDELING MALMESBURY

Hierby word ingevolge artikel 3 (5) van die Strandwet, 1935 (Wet 21 van 1935), bekendgemaak dat die Minister van Landbou van voorneme is om 'n gebied, groot ongeveer 50 meter by 1 000 meter, in die Langebaanstrandmeer in die omgewing van Churchhaven, aan die Visserye-ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Beperk te verhuur vir die kweek van oesters.

'n Liggingsplan lê ter insae in die kantoor van die Streekverteenwoordiger, Departement van Landboukrediet en Grondbesit, Parliament Towers, Pleinstraat 103, Privaatsak X9024, Kaapstad.

(04-075-90047)

(27 Mei 1977)

NOTICE 328 OF 1977

DAMARA IRRIGATION DISTRICT.—VOTERS' LIST

The voters' list for the Damara Irrigation District, District of Letaba, Transvaal, as prepared by the Secretary for Water Affairs in terms of section 83 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), is published hereunder.

Mr W. J. Coetzee, Administrative Officer of the Department of Water Affairs, has in terms of section 84 of the said Act been appointed returning officer for the election of members of the Irrigation Board for the Damara Irrigation District. A nomination meeting for the election of three such members will be held at 11h00 on 22 June 1977 in the Longridge Packing-house, Letsitele.

Persons whose names appear on the voters' list shall be entitled to vote in person only, and representatives of registered companies must produce proof of authority to represent such companies.

In cases where owners have a joint vote, they shall designate, in writing, one of their number to vote on their behalf.

The voters' list will be revised before nominations are made.

KENNISGEWING 328 VAN 1977

DAMARA-BESPROEIINGSDISTRIK.—KIESERSLYS

Die kieserslys vir die Damara-besproeiingsdistrik, distrik Letaba, Transvaal, soos opgestel deur die Sekretaris van Waterwese ingevolge artikel 83 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), word hieronder gepubliseer.

Mnr W. J. Coetzee, Administratiewe Beampte van die Departement van Waterwese, is ingevolge artikel 84 van genoemde Wet aangestel as kiesbeampte vir die verkiesing van lede van die Besproeiingsraad vir die Damara-besproeiingsdistrik. 'n Nominasievergadering vir die verkiesing van drie sodanige lede sal om 11h00 op 22 Junie 1977 in die Longridgepakhuis, Letsitele, gehou word.

Persone wie se name op die kieserslys verskyn, is geregtig om slegs persoonlik te stem en verteenwoordigers van geregistreerde maatskappye moet bewys lewer van magtiging om sodanige maatskappye te verteenwoordig.

In gevalle waar eienaars gesamentlik stemreg het, moet hulle een uit hulle midde skriftelik aanwys om namens hulle te stem.

Die kieserslys sal hersien word voordat nominasie geskied.

VOTERS' LIST/KIESERSLYS

Name Naam	Scheduled area in hectares Ingelyste oppervlakte in hectaar	Number of votes Getal stemme
Booysen, G. H.	25,7	6
Grobler, J. A. P.	25,7	6
Hilton-Barbour, S.P.	6,9	2
Longridge Estate	101,9	10
Murlebrook Farms	59,9	10
Tooley, E. M.	1,7	1
Tooley, M. A.	1,7	1

(27 May 1977)/(27 Mei 1977)

NOTICE 329 OF 1977

DEPARTMENT OF HEALTH

APPOINTMENT AS ACTING SECRETARY OF HEALTH

It is notified for general information that Dr James Gilliland, M.B., B.Ch. (Rand), M. Med., D.P.H. (Pret.), Co-ordinating Director in the Department of Health, has been appointed as Acting Secretary for Health for the period 16 May 1977 until 24 June 1977.

L. JACOBS, Secretary of Health.

(27 May 1977)

KENNISGEWING 329 VAN 1977

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE SEKRETARIS VAN GESONDHEID

Daar word vir algemene inligting bekendgemaak dat dr. James Gilliland, M.B., B.Ch. (Rand), M. Med., D.V.G. (Pret.), Koördinerende Direkteur in die Departement van Gesondheid, as Waarnemende Sekretaris van Gesondheid aangestel is vir die tydperk 16 Mei 1977 tot 24 Junie 1977.

L. JACOBS, Sekretaris van Gesondheid.

(27 Mei 1977)

NOTICE 333 OF 1977

PROVISIONAL DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of section 5 (1) (c) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), the National Monuments Council hereby provisionally declares the historic portion of the Town of Pilgrim's Rest to be a national monument.

Description

That portion of Portion 38 of the farm Ponieskrans 543 KT, District of Lydenburg, shown by the figure ABCDEFGHJKLMNOPA on a plan of Pilgrim's Rest filed on File 3/T/P-R/1 of the National Monuments Council.

Deed of Transfer 5859/97, dated 19 August 1897.

(27 May 1977)

KENNISGEWING 333 VAN 1977

VOORLOPIGE VERKLARING VAN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens artikel 5 (1) (c) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hierby die historiese gedeelte van die dorp Pelgrimsrus voorlopig tot nasionale gedenkwaardigheid.

Beskrywing

Daardie gedeelte van Gedeelte 38 van die plaas Ponieskrans 543 KT, distrik Lydenburg, soos getoon deur die figuur ABCDEFGHJKLMNOPA op 'n kaart van Pelgrimsrus geliasseer op Lêer 3/T/P-R/1 van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

Transportakte 5859/97, gedateer 19 Augustus 1897.

(27 Mei 1977)

NOTICE 334 OF 1977

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL CREDIT AND LAND TENURE

PROPOSED LEASE TO THE DIVISIONAL COUNCIL OF MALMESBURY OF A PORTION OF THE SEA-SHORE AND SEA AT KRAALBAAI IN THE LANGEBAAN LAGOON, DIVISION OF MALMESBURY

Notice is hereby given in terms of section 3 (5) of the Sea-shore Act, 1935 (Act 21 of 1935), that the Minister of Agriculture proposes to lease to the Divisional Council of Malmesbury a portion of the sea-shore and sea, measuring approximately 315 square metres, situate at Kraalbaai opposite the farm Stofbergsfontein 365, Division of Malmesbury, for the purpose of the erection and maintenance of a jetty for free use by the general public.

A locality plan lies for inspection at the office of the Regional Representative, Department of Agricultural Credit and Land Tenure (Private Bag 9024), Parliament Towers, 103 Plein Street, Cape Town.

(04-075-90042)

(27 May 1977)

NOTICE 335 OF 1977

NOTICE OF APPLICATION FOR APPROVAL FOR THE ERECTION/ESTABLISHMENT OF A FRESH PRODUCE MARKET IN TERMS OF SECTION 12 (1) OF THE COMMISSION FOR FRESH PRODUCE MARKETS ACT, 1970

It is hereby made known in terms of section 12 (1) of the Commission for Fresh Produce Markets Act, 1970 (No. 82 of 1970), that the Diamond Fields Bantu Affairs Administration Board, Private Bag X5005, Kimberley, 8300, has applied to the Minister of Agriculture for approval for the erection/establishment of a fresh produce market on Plots 5461 and 5462, Sago Crescent, situated in the Bantu Township of Galeshewe, Kimberley.

Any person intending to submit representations or objections in regard to the abovementioned application shall forward such representations or objections to the Chairman, Commission for Fresh Produce Markets, Private Bag X250, Pretoria, within a period of four weeks from the date of publication of this notice and in the manner set out in the regulations published under the said Act. Attention is invited to the provisions of regulation 20 (6) of the said regulations which require any person who submits objections to an application to the Minister to serve on the applicant concerned a copy of the document in which his objections are set out.

(27 May 1977)

NOTICE 336 OF 1977

NOTICE OF APPLICATION FOR APPROVAL FOR THE ERECTION/ESTABLISHMENT OF A FRESH PRODUCE MARKET IN TERMS OF SECTION 12 (1) OF THE COMMISSION FOR FRESH PRODUCE MARKETS ACT, 1970

It is hereby made known in terms of section 12 (1) of the Commission for Fresh Produce Markets Act, 1970 (No. 82 of 1970), that the Town Council of Verwoerdburg, P.O. Box 14013, Verwoerdburg, 0140, has applied to the Minister of Agriculture for approval for the erection/establishment of a fresh produce market on a plot known as Holding 252, Lyttelton Agricultural Holdings, situated on the corner of Basden Avenue and Rabie Street, Verwoerdburg.

KENNISGEWING 334 VAN 1977

DEPARTEMENT VAN LANDBOUKREDIET EN GRONDBESIT

VOORGESTELDE VERHURING AAN DIE AFDELINGSRAAD VAN MALMESBURY VAN 'N GEDEELTE VAN DIE STRAND EN SEE TE KRAALBAAI IN DIE LANGEBAAN-LAGUNE, AFDELING MALMESBURY

Hierby word ingevolge artikel 3 (5) van die Strandwet, 1935 (Wet 21 van 1935), bekendgemaak dat die Minister van Landbou voornemens is om 'n gedeelte van die strand en die see, groot ongeveer 315 vierkante meter, geleë te Kraalbaai teenoor die plaas Stofbergsfontein 365, afdeling Malmesbury, aan die Afdelingsraad van Malmesbury te verhuur vir die doeleindes van die oprigting en instandhouding van 'n aanlegsteier vir die gratis gebruik van die algemene publiek.

'n Liggingsplan lê ter insae in die kantoor van die Streekverteenwoordiger, Departement van Landbou-krediet en Grondbesit (Privaatsak 9024), Parliament Towers, Pleinstraat 103, Kaapstad.

(04-075-90042)

(27 Mei 1977)

KENNISGEWING 335 VAN 1977

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM GOEDKEURING VIR DIE OPRIGTING/STIGTING VAN 'N VARSPRODUKTEMARK KRAGTENS ARTIKEL 12 (1) VAN DIE WET OP DIE KOMMISSIE VIR VARSPRODUKTEMARKE, 1970

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 12 (1) van die Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarke, 1970 (No. 82 van 1970), dat die Bantoesake-Administrasieraad Diamantveld, Privaatsak X5005, Kimberley, 8300, by die Minister van Landbou aansoek gedoen het om goedkeuring vir die oprigting/stigting van 'n varsproduktemark op Persele 5461 en 5462, Sago Crescent, geleë in die Bantoewoongebied, Galeshewe, Kimberley.

Iemand wat vertoë of besware in verband met die bogenoemde aansoek wil rig, moet sodanige vertoë of besware aan die Voorsitter, Kommissie vir Varsproduktemarkte, Privaatsak X250, Pretoria, rig binne 'n tydperk van vier weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing en op die wyse uiteengesit in die regulasies uitgevaardig kragtens die genoemde Wet. Aandag word gevestig op die bepalings van regulasie 20 (6) van die genoemde regulasies wat vereis dat iemand wat besware teen 'n aansoek aan die Minister voorlê, 'n afskrif van die stuk waarin sy besware uiteengesit is, op die betrokke applikant moet bestel.

(27 Mei 1977)

KENNISGEWING 336 VAN 1977

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM GOEDKEURING VIR DIE OPRIGTING/STIGTING VAN 'N VARSPRODUKTEMARK KRAGTENS ARTIKEL 12 (1) VAN DIE WET OP DIE KOMMISSIE VIR VARSPRODUKTEMARKE, 1970

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 12 (1) van die Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarke, 1970 (No. 82 van 1970), dat die Stadsraad van Verwoerdburg, Posbus 14013, Verwoerdburg, 0140, by die Minister van Landbou aansoek gedoen het om goedkeuring vir die oprigting/stigting van 'n varsproduktemark op 'n perseel bekend as Hoewe 252, Lytteltonlandbouhoewes, geleë op die hoek van Basdenlaan en Rabiestraat, Verwoerdburg.

Any person intending to submit representations or objections in regard to the abovementioned application shall forward such representations or objections to the Chairman, Commission for Fresh Produce Markets, Private Bag X250, Pretoria, within a period of four weeks from the date of publication of this notice and in the manner set out in the regulations published under the said Act. Attention is invited to the provisions of regulation 20 (6) of the said regulations which require any person who submits objections to an application to the Minister to serve on the applicant concerned a copy of the document in which his objections are set out.

(27 May 1977)

Iemand wat vertoë of besware in verband met die bogenoemde aansoek wil rig, moet sodanige vertoë of besware aan die Voorsitter, Kommissie vir Varsprodukte-marke, Privaatsak X250, Pretoria, rig binne 'n tydperk van vier weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing en op die wyse uiteengesit in die regulasies uitgevaardig kragtens die genoemde Wet. Aandag word gevestig op die bepalings van regulasie 20 (6) van die genoemde regulasies wat vereis dat iemand wat besware teen 'n aansoek aan die Minister voorlê, 'n afskrif van die stuk waarin sy besware uiteengesit is, op die betrokke applikant moet bestel.

(27 Mei 1977)

NOTICE 337 OF 1977

KOMATI RIVER (NOOITGEDACHT DAM) GOVERNMENT WATER SCHEME, DISTRICT OF CAROLINA, TRANSVAAL.—SCHEDULING BOARD MEETING

It is hereby notified, in terms of section 64 of the Water Act, 1956, that a meeting of the scheduling board, in connection with the schedule of ratable areas of the Komati River (Nooitgedacht Dam) Government Water Scheme will be held in the Sopé Hall, Carolina, on Wednesday, 22 June 1977, at 10h30, for the purpose of hearing and determining claims for inclusion in the said schedule or objections to any of the names, properties or areas included therein.

Three copies of the schedule of ratable areas, prepared in terms of section 63 (7) of the said Act, are lying for inspection at the following places:

1. The Office of the Senior Water Control Officer, Carolina.
2. The Magistrate's Office, Carolina.
3. Behamje Indian Shop, Moedig Railway Station.

Any person who is unable to attend the meeting may authorise any other person, in writing, to represent him/her at the meeting.

(27 May 1977)

KENNISGEWING 337 VAN 1977

KOMATIRIVIER (NOOITGEDACHTDAM)-STAATSWATERSKEMA, DISTRIK CAROLINA, TRANSVAAL — INLYSTINGSRAADVERGADERING

Hierby word ingevolge artikel 64 van die Waterwet, 1956, bekendgemaak dat 'n sitting van die inlystingsraad in verband met die lys van belasbare oppervlaktes van die Komatirivier (Nooitgedachtdam)-staatswaterskema om 10h30 op Woensdag, 22 Junie 1977, in die Sopé-saal, Carolina, gehou sal word met die doel om aansprake op opneming in genoemde lys of besware teen enigeen van die name, eiendomme of oppervlaktes wat daarin voorkom, aan te hoor en daaroor te besluit.

Drie afskrifte van die lys van belasbare oppervlaktes, wat kragtens artikel 63 (7) van genoemde Wet opgestel is, lê reeds by die volgende plekke ter insae:

1. Die kantoor van die Senior Waterbeheerbeampte, Carolina.
2. Die Landdroskantoor, Carolina.
3. Behamje-Indiërwinkel, Moedig-spoorwegstasie.

Enigeen wat nie persoonlik op genoemde vergadering teenwoordig kan wees nie, kan enige ander persoon skriftelik magtig om hom/haar op die vergadering te verteenwoordig.

(27 Mei 1977)

NOTICE 338 OF 1977

WAGE ACT, 1957

WAGE DETERMINATION 360.—THE TRADE OF LETTING FLATS OR ROOMS, CERTAIN COASTAL AREAS—AMENDMENT TO WAGE CLAUSE

1. The Wage Board has decided, in terms of section 15 of the Wage Act, 1957, to allow persons who have an interest in the above-mentioned investigation, particulars of which were published under Government Notice 615 in the *Government Gazette* of 22 April 1977 to submit oral representations to the Board. For the purpose of hearing representations, the Board will meet at the places, dates and times stated below:

(a) *East London.*—In the Boardroom, Department of Labour, 3 Hill Street, at 10h15 on 21 June 1977.

(b) *Port Elizabeth.*—In the Boardroom, Room 184, Eben Dönges Buildings, Hancock Street, at 10h00 on 22 June 1977.

(c) *Cape Town.*—In the Boardroom, Room 213, Thomas Boydell Buildings, Parade Street, at 10h30 on 23 June 1977.

(d) *Durban.*—In the Boardroom, Room 317, New Government Buildings, Masonic Grove, at 11h00 on 5 July 1977.

KENNISGEWING 338 VAN 1977

LOONWET, 1957

LOONVASSTELLING 360.—DIE BEDRYF VIR DIE VERHUUR VAN WOONSTELLE OF WOONKAMERS, SEKERE KUSGEBIEDE—WYSIGING VAN LOONKLOUSULE

1. Die Loonraad het, kragtens artikel 15 van die Loonwet 1957, besluit om persone wat belang het by bogemelde ondersoek waarvan besonderhede by Goewermentskennisgewing 615 in die *Staatskoerant* van 22 April 1977 gepubliseer is, toe te laat om mondelinge vertoë tot die Raad te rig. Vir die doel om vertoë aan te hoor sal die Raad op ondervermelde datums, plekke en tye vergader:

(a) *Oos-Londen.*—In die Raadkamer, Departement van Arbeid, Hillstraat 3, om 10h15 op 21 Junie 1977.

(b) *Port Elizabeth.*—In die Raadkamer, Kamer 184, Eben Döngesgebou, Hancockstraat om 10h00 op 22 Junie 1977.

(c) *Kaapstad.*—In die Raadkamer, Kamer 213, Thomas Boydellgebou, Paradestraat, om 10h30 op 23 Junie 1977.

(d) *Durban.*—In die Raadkamer, Kamer 317, Nuwe Goewermentsgebou, Masonic Grove, om 11h00 op 5 Julie 1977.

2. Attention is drawn to regulation 2 (8), in terms of which the undermentioned persons may attend such a meeting:

(a) An office-bearer or an official of a trade union or an employers' organisation registered in terms of the Industrial Conciliation Act, 1956, or any person appointed by the secretary of a trade union or employers' organisation; or

(b) any person who has an interest in the investigation or, at the discretion of the Chairman, any other person authorised thereto by such interested person.

V. VENTER, Secretary, Wage Board.
(27 May 1977)

NOTICE 339 OF 1977

WAGE ACT, 1957

WAGE DETERMINATION 363.—PRIVATE HOTEL AND BOARDING-HOUSE TRADE, CERTAIN COASTAL AREAS—AMENDMENT TO WAGE CLAUSE

1. The Wage Board has decided, in terms of section 15 of the Wage Act, 1957, to allow persons who have an interest in the above-mentioned investigation, particulars of which were published under Government Notice 762 in the *Government Gazette* of 6 May 1977 to submit oral representations to the Board. For the purpose of hearing representations, the Board will meet at the places, dates and times stated below:

(a) *East London.*—In the Boardroom, Department of Labour, 3 Hill Street, at 09h00 on 21 June 1977.
(b) *Port Elizabeth.*—In the Boardroom, Room 184, Eben Dönges Buildings, Hancock Street, at 15h00 on 21 June 1977.
(c) *Cape Town.*—In the Boardroom, Room 213, Thomas Boydell Buildings, Parade Street, at 09h00 on 23 June 1977.
(d) *Durban.*—In the Boardroom, Room 317, New Government Buildings, Masonic Grove, at 09h00 on 5 July 1977.

2. Attention is drawn to regulation 2 (8), in terms of which the undermentioned persons may attend such a meeting:

(a) An office-bearer or an official of a trade union or an employers' organisation registered in terms of the Industrial Conciliation Act, 1956, or any person appointed by the secretary of a trade union or employers' organisation; or
(b) any person who has an interest in the investigation or, at the discretion of the Chairman, any other person authorised thereto by such interested person.

V. VENTER, Secretary, Wage Board.
(27 May 1977)

NOTICE 340 OF 1977

WAGE ACT, 1957

WAGE DETERMINATION 361.—THE TRADE OF LETTING FLATS OR ROOMS, CERTAIN INLAND AREAS—AMENDMENT TO WAGE CLAUSE

1. The Wage Board has decided, in terms of section 15 of the Wage Act, 1957, to allow persons who have an interest in the above-mentioned investigation, particulars of which were published under Government Notice 614 in the *Government Gazette* of 22 April 1977 to submit oral representations to the Board. For the purpose of hearing

2. Die aandag word gevestig op regulasie 2 (8) waarkragtens ondervermelde persone so 'n vergadering mag bywoon:

(a) 'n Amptenaar of 'n beampte van 'n vakvereniging of 'n werkgewersorganisasie geregistreer kragtens die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, of enige persoon deur die sekretaris van 'n vakvereniging of werkgewersorganisasie aangestel; of
(b) enige persoon wat belang het by die ondersoek of, na goeddunke van die Voorsitter, enige ander persoon wat daartoe deur die belanghebbende persoon gemagtig is.

V. VENTER, Sekretaris, Loonraad.
(27 Mei 1977)

KENNISGEWING 339 VAN 1977

LOONWET, 1957

LOONVASSTELLING 363.—PRIVAATHOTEL- EN LOSIESBEDRYF, SEKERE KUSGEBIEDE—WYSIGING VAN LOONKLOUSULE

1. Die Loonraad het, kragtens artikel 15 van die Loonwet, 1957, besluit om persone wat belang het by bogemelde ondersoek waarvan besonderhede by Goewermentskennisgewing 762 in die *Staatskoerant* van 6 Mei 1977 gepubliseer is, toe te laat om mondelinge vertoë tot die Raad te rig. Vir die doel om vertoë aan te hoor sal die Raad op ondervermelde datums, plekke en tye vergader:

(a) *Oos-Londen.*—In die Raadkamer, Departement van Arbeid, Hillstraat 3, om 09h00 op 21 Junie 1977.

(b) *Port Elizabeth.*—In die Raadkamer, Kamer 184, Eben Döngesgebou, Hancockstraat, om 15h00 op 21 Junie 1977.

(c) *Kaapstad.*—In die Raadkamer, Kamer 213, Thomas Boydellgebou, Paradestraat, om 09h00 op 23 Junie 1977.

(d) *Durban.*—In die Raadkamer, Kamer 317, Nuwe Goewermentsgebou, Masonic Grove, om 09h00 op 5 Julie 1977.

2. Die aandag word gevestig op regulasie 2 (8) waarkragtens ondervermelde persone so 'n vergadering mag bywoon:

(a) 'n Amptenaar of 'n beampte van 'n vakvereniging of 'n werkgewersorganisasie geregistreer kragtens die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, of enige persoon deur die sekretaris van 'n vakvereniging of werkgewersorganisasie aangestel; of

(b) enige persoon wat belang het by die ondersoek of, na goeddunke van die Voorsitter, enige ander persoon wat daartoe deur die belanghebbende persoon gemagtig is.

V. VENTER, Sekretaris, Loonraad.
(27 Mei 1977)

KENNISGEWING 340 VAN 1977

LOONWET, 1957

LOONVASSTELLING 361.—DIE BEDRYF VIR DIE VERHUUR VAN WOONSTELLE OF WOONKAMERS, SEKERE BINNELANDSE GEBIEDE—WYSIGING VAN LOONKLOUSULE

1. Die Loonraad het, kragtens artikel 15 van die Loonwet 1957, besluit om persone wat belang het by bogemelde ondersoek waarvan besonderhede by Goewermentskennisgewing 614 in die *Staatskoerant* van 22 April 1977 gepubliseer is, toe te laat om mondelinge vertoë tot die Raad te

representations, the Board will meet at the places, dates and times stated below:

(a) *Bloemfontein.*—In the Boardroom, Room 347, Department of Labour, New Magistrates' Building, Eunice Road, at 11h00 on 20 June 1977.

(b) *Kimberley.*—In the Boardroom, Markstead Buildings, corner of Market Square and Stead Street, at 09h30 on 24 June 1977.

(c) *Pretoria.*—In the Boardroom, Room 102, Compensation House, 215 Schoeman Street, at 14h15 on 28 June 1977.

(d) *Johannesburg.*—In the Boardroom, Room 616, Labour House, 180 Bree Street, at 14h00 on 29 June 1977.

(e) *Pietermaritzburg.*—In the Boardroom, Room 9, Second Floor, Department of Labour, corner of Church and West Streets, at 11h30 on 4 July 1977.

2. Attention is drawn to regulation 2 (8), in terms of which the undermentioned persons may attend such a meeting:

(a) An office-bearer or an official of a trade union or an employers' organisation registered in terms of the Industrial Conciliation Act, 1956, or any person appointed by the Secretary of a trade union or employers' organisation; or

(b) any person who has an interest in the investigation or, at the discretion of the Chairman, any other person authorised thereto by such interested person.

V. VENTER, Secretary, Wage Board.

(27 May 1977)

NOTICE 341 OF 1977

WAGE ACT, 1957

WAGE DETERMINATION 362.—PRIVATE HOTEL AND BOARDING-HOUSE TRADE, CERTAIN INLAND AREAS—AMENDMENT TO WAGE CLAUSE

1. The Wage Board has decided, in terms of section 15 of the Wage Act, 1957, to allow persons who have an interest in the above-mentioned investigation, particulars of which were published under Government Notice 763 in the *Government Gazette* of 6 May 1977 to submit oral representations to the Board. For the purpose of hearing representations, the Board will meet at the places, dates and times stated below:

(a) *Bloemfontein.*—In the Boardroom, Room 347, Department of Labour, New Magistrates' Court, Eunice Road, at 09h00 on 20 June 1977.

(b) *Kimberley.*—In the Boardroom, Markstead Building, corner of Market Square and Stead Street, at 08h30 on 24 June 1977.

(c) *Pretoria.*—In the Boardroom, Room 102, Compensation House, 215 Schoeman Street, at 09h30 on 28 June 1977.

(d) *Johannesburg.*—In the Boardroom, Room 616, Labour House, 180 Bree Street, at 10h00 on 29 June 1977.

(e) *Pietermaritzburg.*—In the Boardroom, Room 9, Second Floor, Department of Labour, corner of Church and West Streets, at 14h00 on 4 July 1977.

2. Attention is drawn to regulation 2 (8), in terms of which the undermentioned persons may attend such a meeting:

(a) An office-bearer or an official of a trade union or an employers' organisation registered in terms of the Industrial Conciliation Act, 1956, or any person appointed by the secretary of a trade union or employers' organisation; or

rig. Vir die doel om vertoë aan te hoor sal die Raad op ondervermelde datums, plekke en tye vergader:

(a) *Bloemfontein.*—In die Raadkamer, Kamer 347, Departement van Arbeid, Nuwe Landdrosgebou, Euniceweg, om 11h00 op 20 Junie 1977.

(b) *Kimberley.*—In die Raadkamer, Marksteadgebou, hoek van Markplein en Steadstraat, om 09h30 op 24 Junie 1977.

(c) *Pretoria.*—In die Raadkamer, Kamer 102, Ongevallegebou, Schoemanstraat 215, om 14h15 op 28 Junie 1977.

(d) *Johannesburg.*—In die Raadkamer, Kamer 616, Arbeidsgebou, Breestraat 180, om 14h00 op 29 Junie 1977.

(e) *Pietermaritzburg.*—In die Raadkamer, Kamer 9, Tweede Verdieping, Departement van Arbeid, hoek van Kerk- en Wesstraat, om 11h30 op 4 Julie 1977.

2. Die aandag word gevestig op regulasie 2 (8) waarkragtens ondervermelde persone so 'n vergadering mag bywoon:

(a) 'n Amptenaar of 'n beampte van 'n vakvereniging of 'n werkgewersorganisasie geregistreer kragtens die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, of enige persoon deur die sekretaris van 'n vakvereniging of werkgewersorganisasie aangestel; of

(b) enige persoon wat belang het by die ondersoek of, na goeddunke van die Voorsitter, enige ander persoon wat daartoe deur die belanghebbende persoon gemagtig is.

V. VENTER, Sekretaris, Loonraad.

(27 Mei 1977)

KENNISGEWING 341 VAN 1977

LOONWET, 1957

LOONVASSTELLING 362.—PRIVAATHOTEL- EN LOSIESHUISBEDRYF, SEKERE BINNELANDSE GEBIEDE—WYSIGING VAN LOONKLOUSULE

1. Die Loonraad het, kragtens artikel 15 van die Loonwet 1957, besluit om persone wat belang het by bogemelde ondersoek waarvan besonderhede by Goewermentskennisgewing 763 in die *Staatskoerant* van 6 Mei 1977 gepubliseer is, toe te laat om mondelinge vertoë tot die Raad te rig. Vir die doel om vertoë aan te hoor sal die Raad op ondervermelde datums, plekke en tye vergader:

(a) *Bloemfontein.*—In die Raadkamer, Kamer 347, Departement van Arbeid, Nuwe Landdrosgebou, Euniceweg, om 09h00 op 20 Junie 1977.

(b) *Kimberley.*—In die Raadkamer, Marksteadgebou, h/v Markplein en Steadstraat, om 08h30 op 24 Junie 1977.

(c) *Pretoria.*—In die Raadkamer, Kamer 102, Ongevallegebou, Schoemanstraat 215, om 09h30 op 28 Junie 1977.

(d) *Johannesburg.*—In die Raadkamer, Kamer 616, Arbeidsgebou, Breestraat 180, om 10h00 op 29 Junie 1977.

(e) *Pietermaritzburg.*—In die Raadkamer, Kamer 9, Tweede Verdieping, Departement van Arbeid, h/v Kerk- en Wesstrate, om 14h00 op 4 Julie 1977.

2. Die aandag word gevestig op regulasie 2 (8) waarkragtens ondervermelde persone so 'n vergadering mag bywoon:

(a) 'n Amptenaar of 'n beampte van 'n vakvereniging of 'n werkgewersorganisasie geregistreer kragtens die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, of enige persoon deur die sekretaris van 'n vakvereniging of werkgewersorganisasie aangestel; of

(b) any person who has an interest in the investigation or, at the discretion of the Chairman, any other person authorised thereto by such interested person.

V. VENTER, Secretary, Wage Board.

(27 May 1977)

(b) enige persoon wat belang het by die ondersoek of, na goeddunke van die Voorsitter, enige ander persoon wat daartoe deur die belanghebbende persoon gemagtig is.

V. VENTER, Sekretaris, Loonraad.

(27 Mei 1977)

NOTICE 342 OF 1977

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK

Statement of assets and liabilities on the 13th day of May 1977

Liabilities	R
Capital	2 000 000,00
Reserve Fund	20 395 285,79
Notes in circulation	1 010 038 481,00
Deposits:	
Government	52 521 731,30
Provincial administrations	29 157 736,38
Bankers	287 409 777,19
Other	36 743 895,81
Other liabilities	1 401 429 538,21
	R2 839 696 445,68

Assets	R
Gold	287 004 294,65
Foreign:	
Bills	54 489 132,72
Investments	20 329 188,85
Other assets	406 790 309,95
Total gold and foreign assets	768 612 926,17
Domestic:	
Bills discounted	209 800 000,00
Loans and advances:	
Government	—
Other	332 271 221,97
Securities:	
Government	454 084 046,51
Other	8 327 363,69
Other assets	1 066 600 887,34
	R2 839 696 445,68

Ratio of gold reserve to liabilities to the public less foreign assets 22,9 per cent.

Pretoria, 18 May 1977.

G. P. C. DE KOCK, Deputy General Manager.

KENNISGEWING 342 VAN 1977

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

Staat van bates en laste op die 13de dag van Mei 1977

Laste	R
Kapitaal	2 000 000,00
Reserwefonds	20 395 285,79
Note in omloop	1 010 038 481,00
Deposito's:	
Regering	52 521 731,30
Provinsiale administrasies	29 157 736,38
Bankiers	287 409 777,19
Andere	36 743 895,81
Ander laste	1 401 429 538,21
	R2 839 696 445,68

Bates	R
Goud	287 004 294,65
Buitelandse:	
Wissels	54 489 132,72
Beleggings	20 329 188,85
Ander bates	406 790 309,95
Totaal aan goud en buitelandse bates	768 612 926,17
Binnelandse:	
Gediskonteerde wissels	209 800 000,00
Lenings en voorskotte:	
Regering	—
Andere	332 271 221,97
Sekuriteite:	
Regering	454 084 046,51
Andere	8 327 363,69
Ander bates	1 066 600 887,34
	R2 839 696 445,68

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 22,9 persent.

Pretoria, 18 Mei 1977.

G. P. C. DE KOCK, Adjunk-hoofbestuurder.

(27 May 1977)/(27 Mei 1977)

NOTICE 343 OF 1977

LIQUOR ACT, 1928

NOTICE OF A SPECIAL MEETING OF THE LIQUOR LICENSING BOARD FOR LIQUOR LICENSING AREA 54, CONVENED IN TERMS OF SECTION 22

It is hereby notified that a special meeting of the Liquor Licensing Board for Liquor Licensing Area 54 will be held at the Magistrate's Court at Pretoria, in the District

KENNISGEWING 343 VAN 1977

DRANKWET, 1928

KENNISGEWING VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE DRANKLISENSIERAAD VAN DRANKLISENSIEGEBIED 54, INGEVOLGE ARTIKEL 22 BELÊ

Hierby word bekendgemaak dat 'n spesiale vergadering van die Dranklisensieraad van Dranklisensiegebied 54 om 09h00 op die 14de dag van Junie 1977 by die landdroshof

of Pretoria, at 09h00 on the 14th day of June 1977, for consideration of the following matter:

Application by Johan Wilhelm Albertus van Niekerk, nominee of Oudstudente Sportunie, for the grant of a club liquor licence in respect of premises situate at certain Portion 2 of the farm Groenkloof 358, Registration Division JR, Pretoria.

G. J. V. JORDAAN, Chairman of the Liquor Licensing Board for Area 54.

Pretoria, 11 May 1977.

(27 May 1977)

NOTICE 344 OF 1977

NOTICE OF EXPROPRIATION OF IMMOVABLE PROPERTY OTHER THAN A RIGHT (WITH OFFER)

To:

(a) RAJKUMAR (COLONIAL-BORN INDIAN No. 2879/1926, BORN ON 9 MAY 1926); and

(b) ESTATE OF THE LATE MOHAN (COLONIAL-BORN INDIAN No. 123/1902. BORN DURING OCTOBER 1901), HIS EXECUTORS, SUCCESSORS IN RIGHT AND TITLE OR ANY PERSON WHO HAS AN INTEREST, AS CONTEMPLATED IN SECTION 7 (4) OF THE EXPROPRIATION ACT, 1975 (ACT 63 OF 1975), IN THE UNDERMENTIONED PROPERTY

1. Kindly take notice that the following immovable property, together with all improvements thereon and all rights to minerals attaching thereto, in respect of which Rajkumar (Colonial-born Indian No. 2879/1926) is the registered owner of one-half (½) share by virtue of Deed of Transfer 4636/1949, dated 8 June 1949, and of which the late Mohan (Colonial-born Indian No. 123/1902) is the registered owner of one-half (½) share by virtue of Deed of Transfer 7944/1948, dated 17 August 1948, is hereby expropriated in terms of section 2 (1) of the Expropriation Act, 1975 (Act 63 of 1975), on behalf of the Republic of South Africa:

Subdivision 150 of Lot R of B2 of the farm Brickfield 806, situate in the City and County of Durban, Province of Natal, in extent six hundred and twenty-eight (628) square metres.

2. The expropriation shall take effect on 13 June 1977, from which date the ownership of the expropriated property shall vest in the State.

3. In terms of the Expropriation Act, 1975 (Act 63 of 1975)—

(a) the total amount of R7 150 (seven thousand one hundred and fifty rand) is hereby offered as compensation in terms of section 12 (1) (a) and (2) of the said Act (hereinafter referred to as the offer of compensation);

(b) your attention is invited to the fact that the offer of compensation—

(i) can be withdrawn if a lessee, share-cropper or builder has a right contemplated in section 9 (1) (d) (i), (iii) or (iv) of the said Act in respect of the property;

(ii) shall, in terms of section 10 (5) of the said Act, be deemed to have been accepted by you if an application for the determination of the compensation is not made to a compensation court or division of the Supreme Court with jurisdiction within eight months (or such longer period as the Minister may allow) from the date of the offer of compensation, unless it has prior to the expiration of this period been agreed to submit the dispute regarding the amount of compensation to arbitration or to have the compensation determined by a compensation court;

te Pretoria, in die distrik Pretoria, gehou sal word vir oorweging van die volgende aangeleentheid:

Aansoek deur Johan Wilhelm Albertus van Niekerk, benoemde van Oudstudente-Sportunie, om die verlening van 'n klubdranklisensie ten opsigte van 'n gebou geleë te sekere Gedeelte 2 van die plaas Groenkloof 358, Registrasieafdeling JR, Pretoria.

G. J. V. JORDAAN, Voorsitter van die Dranklisensieraad van Gebied 54.

Pretoria, 11 Mei 1977.

(27 Mei 1977)

KENNISGEWING 344 VAN 1977

ONTEIENINGSKENNISGEWING VAN ANDER ONROERENDE GOED AS 'N REG (MET AANBOD)

Aan:

(a) RAJKUMAR (KOLONIAAL GEBORE INDIËR No. 2879/1926, GEBORE OP 9 MEI 1926); en

(b) BOEDEL VAN WYLE MOHAN (KOLONIAAL GEBORE INDIËR No. 123/1902, GEBORE GEDURENDE OKTOBER 1901), SY EKSEKUTEURS, OPVOLGERS IN REG EN TITEL OF IEDEREEN WAT 'N BELANG SOOS BEOOG IN ARTIKEL 7 (4) VAN DIE ONTEIENINGSWET, 1975 (WET 63 VAN 1975), IN DIE ONDERVERMELDE GOED HET

